

AFDELING C : EMPIRIES

HOOFSTUK 5

5. EMPIRIESE PRAKTYKMODELLE

5.1 WIE DOEN WAT: WAAR EN WANNEER?

Met die **teosentriese** verstelde praktykteorie vir prakties-teologiese antropologie, -ekklesiology en -diakonologie (met die oog op verandering in die hermeneutiese raamwerk van die kommunikatiewe situasie van die bemiddeling van die boodskap van die Ou Testament), kan daar nou oorgegaan word tot die skep van *empiriese praktykmodelle* (vgl. afd. 1.2, *Doelstelling*). Die teosentriese verstelde praktykteorie vir prakties-teologiese handeling is beleidmatig, planmatig en metodies van aard. Vanuit die eenheid wat daar bestaan tussen die hermeneutiese (*begryp*) en die strategiese perspektief (*verander*) op die kommunikatiewe handeling, word daar nou oorgegaan tot die empiriese toetsing (*verklaar*) van 'n teosentriese benadering tot die verhouding Ou Testament/Nuwe Testament as 'n prakties-teologiese model vir die kommunikasie van die boodskap van die Ou Testament in die praxis van die geloofsgemeenskap en moderne samelewing sonder om Christus op 'n gedwonge wyse in die Ou Testament in te lees (vgl. afd.1.3, *Hipotese*).

“Het begrip *empirie* is afgeleid van het Griekse woord ‘*empeira*’, wat ervaring of ondervinding beteken. Het empirisme staat voor een kennistheoretische benadering, die aannemelijk tracht te maken dat al onze wetenschappelijke kennis op ervaring berust en geheel uit ervaring, op grond van zintuiglijke waarneming, is af te leiden” (Heitink 1993:212).

5.1.1 Doel van die empiriese praktykmodelle

Dit is duidelik dat 'n empiries-georiënteerde prakties-teologiese model vir die kommunikasie van die boodskap van die Ou Testament die ervaringswêreld van die mens en die situasie van die kerk en samelewing as uitgangspunt kies en dat dié model gekenmerk word aan 'n bepaalde wyse van teorievorming, naamlik 'n basisteorie (hermeneuties), 'n verstelde praktykteorie (strategies) en 'n praktykmodel (empiriese). Die doel van die empiriese praktykmodelle is die verbetering van die kommunikatiewe inhoud vanuit die Ou Testament as teks "in die richting van de gewenste praxis. De gerichtheid op het mediale handelen dient uit te lopen op concrete handelingssuggesties" (Heitink 1993:217).

5.1.2 'n Verkennende ondersoek

Die empiriese arbeid van die ondersoek sal "exploratief" van aard wees: "exploratief ondersoek is gericht op de uitwerking van een theorie of van bepaalde veronderstellingen, die kunnen uitlopen op hypothesen ... exploratief onderzoek legt het hoofaccent op verklaring en interpretasie. Exploratief onderzoek is vooral nodig wanneer een bepaald verschijnsel nog weinig bekend is en er in ieder geval nog geen theorie ontwikkeld is, waardoor dit verschijnsel verklaard kan worden. Vaak verloopt exploratie in eerste instantie meer intuïtief dan methodisch. Het resultaat reikt dan ook niet verder dan voorlopige uitspraken, modellen of zoekplaatjies, die echter goed beargumenteerd kunnen worden" (Heitink 1993:221).

5.2 **TEOSENTRIESE PRAKTYKMODELLE VIR PRAKTIES-TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE**

Heitink (1993:256) ken drie vakgebiede aan die handelingsveld, *mens en religie* toe: "poimeniek, godsdienstpedagogiek en spiritualiteit." Die ondersoek volstaan met Heitink (1993:256) se teorievorming met betrekking tot die gekose vakgebiede in die onderskeie handelingsvelde van Praktiese Teologie aangesien die hele ondersoek op Heitink se metodologie tot die Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingswetenskap geskoei is .

Die eerste twee praktykmodelle wat die ondersoek hier aanbied, is gerig op die wyse waarop die individuele mens langs religieuse weg sin en betekenis aan sy lewe wil gee. Die slaag van die toets sal daarin geleë wees of dié pastorale perspektiewe bruikbaar is vir die individuele mens wat langs religieuse weg na die sin van lyding soek. Andersom gestel: Sal die pastorale perspektiewe vanuit die ervaring van Job en Abraham eers ver-Christelik moet word alvorens dit bruikbaar is vir die prakties-teologiese antropologie?

Dieselfde argumente as in die geval van die pastoraat geld vir die interpretasie van die Ou-Testamentiese tekste wat vir die praktykmodelle van die vakgebiede godsdienst- en spiritualiteitsonderrig aangebied word, in welke geval dit Ou-Testamentiese *Wysheid* sal wees. Indien 'n teosentriese benadering as hermeneuties-teologiese model daarin slaag om die prakties-teologiese antropologie vanuit die Ou Testament langs die weg van die strategiese teorie te bedien, sal dit uiteraard ook daartoe in staat wees om die ander handelingsvelde van die Praktiese Teologie vanuit die Ou Testament te bedien.

5.2.1 'n Praktykmodel vir pastoraat

5.2.1.1 Model 1: Job se verhaal

Teks Job 1- 42 (Lyding vanuit die perspektief van Ou-Testamentiese Wysheid)

Konteks

Die gelowige word byna elke dag van sy lewe met die vraagstuk van lyding gekonfronteer: Wat is die verband tussen God, lyding en die gelowige se leefwyse? Die probleem met die ervaring van lyding is daarin geleë dat indien God almagtig is, het Hy tóg iets met die lyding van mense te doen - as Hy die lyding wil, word sy liefde egter bevraagteken. Indien dit beklemtoon word dat God vol liefde en goedheid is, dan bly sy almag (om die lyding te verhoed) in die slag.

Louw (1982:31) verduidelik dat die probleem met hierdie tipe verklaring van die ervaring van lyding sy vertrekpunt neem in die ervaringsgegewens (lyding): "Vanuit die lyding word daar dan op 'n deduktiewe wyse na Gods wil teruggedink met die doel om sy regverdigheid ten oorsaak van die kwaad te 'red.'" Deist (1985:1) reken: "Hoe sê jy vir iemand wat nie lyding ken nie wat lyding is? Lyding het nie 'n definisie nie, maar elkeen wat al gely het, kan lyding herken as hulle dit sien. Lyding is iets wat 'n mens prakties in gegewe situasies *doen*." Ons sit vasgevang in 'n lewe wat weldra sy kwota lyding van elkeen gaan vra - geloof gaan in die arena van twyfel beland en uiteindelik kom God self aan die beurt: Bestaan God regtig? Om lyding nog te vererger, hoor 'n mens heel dikwels dat iemand nie hartseer mag wees nie aangesien die gelowige nie mag treur nie.

Soms maak mense die opmerking dat God lyding gebruik om mense te beproef en te sien of hulle Hom waarlik liefhet. Maar wéét God dit dan nie? - kan Hy nie sien nie? - is Hy dan nie besig met allerhande eksperimente nie? (Deist 1985:34). Deist meen dié 'geloofstoets-idee' moet anders geformuleer word: God gebruik die lyding wat rééds daar is as 'n geleentheid om vertroue, lydsaamheid, geduld en verdraagsaamheid te oefen by die lydende. Dus staan God nie en staar na die lydende nie, maar dóén Hy iets: Hy gebruik die (ver/ge)-leentheid om die lydende 'n kans te gee om nuut te word - te verander! Die feit van die saak is egter - die lydende figuur vra die een of ander tyd: Waarom mag ek nie treur nie en waarom mag ek nie hartseer wees nie? Waarom mag ek nie moedeloos word nie? Een of ander tyd vra die lydende figuur ook: Waarom, God? Waarom gebeur dit met my? Waarom verander God nie my lyding nie?

'n Praktykmodel vir lydingspastoraat sal vanuit die boek Job langs die volgende teosentriese hermeneuties-teologiese lyne verloop: Die boodskap van die boek Job sal in sy geheel daarvoor aangewend word (die verskillende pastorale modelle word nie deur hierdie ondersoek behandel nie). Die gemeenskaplike vrae wat in byna elke lydingsituasie opduik, is: Mag ek teen my lyding protesteer?; mag ek vir God vra, waarom?; wat is die oorsaak van my lyding? Die teosentriese praktykmodel sal poog om hierdie en dergelike vrae van die lydende aan die hand van Job se ervaring van sy lyding te beantwoord. Die verhaal van Job sal die beste tot sy reg kom in die vorm van 'n *homilie* (Vos 1996b:172).

Hoofstukke 1-2 stel nie heeltemaal die ervaringswêreld van Job realisties voor nie, maar hoe dit ook sy, die doel met dié tonele is om aan te voer dat Job dalk godsdienstig, ryk en vroom is omdat God hom so uitermate seën (Crenshaw 1981:101; 1992:865) . Die Satan voer aan dat Job godsdienstig is ter wille van sy eie voordeel - Job is net vroom solank Jahwe hom seën en voorspoed laat beleef (Loader 1986:1). Na die ramptonele (van kinders, vee

en slawe wat omkom) wil die Satan eintlik vir Job vra: Hoe tref soveel teenspoed dan 'n wyse, godsdienstige en vroom man? Job se reaksie daarop: Hy wys sy droefheid deur rou en sê:

*Sonder iets het ek
in die wêreld gekom
en sonder iets gaan ek daaruit.
Die Here het gegee
en die Here het geneem.
Prys die Naam van die Here.*

Die Satan is egter nie tevrede nie: Hy stel voor - laat ek Job aan sy lyf vat. Swere, brandpyn, koors en 'n walglike asem word Job se deel - hy gaan sit op die ashoop en krap hom met 'n potskerf. Sy vrou gee raad: "Vloek God!" Hoe tref sulke teenspoed dan so 'n vroom en godsdienstige man soos Job? Job slaag weer die toets. Hy wys sy vrou tereg en stel dit duidelik dat gesondheid nie noodwendig die logiese gevolg van 'n vroom lewe is nie. Job slaag dus in hoofstukke 1 en 2 daarin om lyding in die plek van voorspoed as "loon" vir 'n vroom en godsdienstige lewe te verwerk.

Alles is nou goed en wel as lyding deur die lydende op hierdie wyse verwerk word, maar wat gebeur wanneer die lydende se vriende hom aan die raai sit? Dit is dan wanneer die oneindige tergende vrae nie wil ophou nie. Hoe het Job dít hanteer?

Job se drie vriende, Elifas, Bildad en Sofar besoek hom (3:1-14:22). Al drie van hulle is van mening dat daar 'n oorsaak vir hulle vriend Job se toestand gesoek behoort te word. Elifas (4:1-5:27) verseker Job dat niemand ooit nog onskuldig ondergegaan het nie. Elifas laat hom twyfel en hy wat Job is, wonder of hy nie moet saamstem nie (6:1-7:21). Job wil egter tegelyk ook sy onskuld bewys en kom daarom in opstand teen God.

Bildad (8:1-22) meen hy het insig in Job se lyding: Dit is jou kinders se skuld! Job volhard egter in sy onskuld (9:1-10:22) en kom tot die konklusie: God is 'n wrede God, 'n mens kan eintlik nie op Hom vertrou nie. Job verlang na 'n skeidsregter om te kan oordeel dat God nie reg met hom maak nie. Job voel God het hom in die modder gestamp en nou lag Hy vir hom.

Sofar het die minste simpatie met die lydende Job (11:1-20). Hy raak sommer ongeduldig met Job omdat hy homself so verontskuldig - daar is sonde in jou lewe wat hierdie lyding tot gevolg het! Job se opsomming (12:1-14:22) van die situasie nadat sy vriende elkeen iets te sê gehad het, was: Ek kan my verstand net so goed gebruik soos julle. Job is boonop nog sarkasties ook. Hy verwerp die "simpatie" van sy vriende en beroep hom op God - hy wil sy onskuld aan Hom stel - God moet hom 'n paar antwoorde gee!

Job se vriende nader hom weer. Elifas raak nou ongeduldig (5:1-35) met Job se ontkenning dat daar wel 'n oorsaak vir sy toestand bestaan. Volgens hom praat Job net onsin en moet hy liever sy skuld in die aangeleentheid bely en die saak agter die rug kry. Job antwoord vir Elifas (16:1-17:6): Het jy al ooit gehoor 'n mens kan soveel onsin praat soos jy? Job hou vol dat dit God is wat hom aanval - nogtans sien Job in God 'n getroue getuie in sy saak.

Bildad het ook weer 'n stuiwer in die armbuis te gooi (18:1-21): Ek sal jou verder bystaan in jou lyding, maar nie voordat jy tot ander insigte gekom het nie. Maar Job hou vol (19:1-22) dat God verantwoordelik is vir sy ellende. Hy reken daar sal ééndag 'n lossers kom om sy onskuld te bewys. Job hoop eintlik dat God sy fout sal agterkom.

Sofar beleef dat Job hom met sy antwoorde beledig (20:1-29) en maak daarop aanspraak dat hy wat Sofar is, verstandig praat. Job bly egter steeds die een met die beter insig in sy lyding ten spyte van sy opstand teen God (21:1-34): As die een mens in armoede leef en die ander een in voorspoed, lyk dit op die oog af of daar 'n verskil is, maar as hulle sterf, lê hulle saam in die graf en

altwee is oortrek van die wurms. Steeds is die einde van die verklaring van Job se lyding nie in sig nie.

Elifas wend 'n laaste poging aan (22:1-30): Onderwerp jou aan God en beleef weer voorspoed, beveel hy aan. Uit pure frustrasie met sy vriende reken Job (23:1-24:25) dat, as sou hy geweet het waar God woon, hy Hom sou gaan besoek. Volgens hom is daar mense wat ernstige misdrywe pleeg - moordenaars, diewe en egbrekers - waarom stel God nie 'n tyd vas waarop Hy hulle gaan straf nie? - nou vergryp Hy Hom aan arme Job!

Bildad hou egter aan met sy storie (25:1-6): Job moet maar skuld erken en só sy lyding agter die rug kry. Hoor wat vra Job toe vir Bildad (26:1-14): Meen jy nou werklik jy het my gehelp? Dink jy nou jy het my bygestaan - raad gegee?

Job se finale antwoord aan sy vriende was (27:1-31:40): Ek staan daarby dat ek gelyk het en weier om daarvan af te sien. Vir hom bly diens aan God die ware wysheid. Wysheid word nie beliggaam in die korrekte optrede op die regte tyd nie, maar ware wysheid is geloof in God en die aflê van die kwade. Job sluit af met: Ek is onskuldig!

Uiteindelik verskyn Elihu met sy jeugdige optimisme (32:1-37:2): Jy maai net wat jy gesaai het, deel hy hulle mee. Lyding is die tug in jou lewe - God spreek só die mens aan. Van hieraf neem die Here die gesprek oor (38:1-41:6). Nou gaan Ek bietjie die vrae vra en jy die antwoorde gee, sê die Here vir Job: Waar was jy toe Ek die skepping tot stand gebring het; wat weet jy van die doderyk af; wat weet jy van die diereryk af? Wanneer Job dan uiteindelik iets sê, dan bely hy sy onvermoë om met God te redeneer (Loader 1987:2). Daar is nie 'n kousale oorsaak, ook nie van God se kant, vir lyding nie. God tree nie impulsief en onverantwoordelik op nie - Job is nie weerloos aan God se pyle oorgelaat nie. God sorg vir sy skepping en is intens daarby betrokke - daarom kan die mens soveel te meer op God reken (Crenshaw 1981:125).

Die Here se goedheid is nie afhanklik van verdienste nie. Die Here vra dat Hy gedien sal word sonder om eers te vra of dit van enige nut is al dan nie.

Watter insigte kan aan Job se ervaring van lyding ontleen word? (Loader 1987:6-7; 1992:360; Crenshaw 1981:124-125; 1992:867).

- i God is God en Hy is met liefde en sorg by sy totale skepping betrokke. Hy sorg vir groot én klein, vir goddelose én regverdige. Die lydende kan nooit vir God in die beskuldigdebank plaas nie - sy vrymag laat dit nie toe nie.
- ii Lyding bly 'n misterie - daar bestaan geen kitsoplossings vir die interpretasie van lyding nie.
- iii God is Skepper - laat maar gerus die verloop van die lewe aan Hom oor.
- iv God het sy eie manier van werk - daarom laat Hy mense ook toe om dinge te kommunikeer soos hulle dit beleef.
- v Moenie lyding probeer verplaas tot 'n oorsaak nie, maar verdiskonteer dit in die lig van bogenoemde aannames.

Samevattend stel Loader (1987:7) dit goed: "Hoewel God 'n diepe respek daarvoor het dat mense in hul lyding soms verbitterd en rebels die vuus vir Hom bal en verantwoording van Hom eis, gee Hy nie daaraan toe nie, maar oorwin die rebel na Hom toe. So kan die mens te midde van sy lyding rus vind in gemeenskap met God. Wanneer die mens God persoonlik ontmoet het (Jb 42:5), het hy nie meer verstandelike antwoorde nodig nie. Dit alles het betrekking op die vrae van mense wat ly, op teologieë en godsdienssisteme, en op mense wat teen God in opstand kom."

Pastorale perspektiewe wat teosentrië vanuit die boodskap van Job afgelei word, kan só daar uitsien (Louw 1979:182-183; 1982:30-36; Loader 1987:7; Deist 1985:34-43):

- i Die lydende mens moet bygestaan en gehelp word om sy Godsbeeld te definieer - hy/sy moet in die eerste plek duidelikheid verkry oor wie God is. Alle gedagtes aan 'n God wat lyding stuur/toelaat om sodoende oortredinge te straf, moet aan die hand van perspektiewe uit die Wysheid soos dit ontvou aan die hand van die verhaal van Job, weerlê word. Die lydende moet begelei word om nie agter elke krisis sonde en God se bestraffende wil te soek nie. God staan nie téénóór lyding nie, maar gebruik lyding in diens van sy betrokkenheid by sy skepping.
- ii Die lydende persoon moet begelei word om in te sien dat godsdiens geen voordeel inhou vir die situasie van lyding as sulks nie (dit hou wel voordeel in vir die verwerkingsproses van lyding). Godsdiens kan nie as rede aangevoer word waarom lyding vrygespring moet word nie - God en godsdiens is nie daar vir my gerief nie.
- iii Die mens, en nie God nie, is daarvoor verantwoordelik om sin aan lyding te gee. Dit sal die verkeerde vraag wees om te vra: Watter sin het lyding? Help die lydende persoon om steeds sinvol te leef ten spyte van sy lyding. Help die lydende persoon om God se wil vir sy lydenspad te ontdek, met ander woorde: Hoe wil God dit dat hy/sy hierdie lyding sal hanteer.
- iv Die lydende moet gehelp word om die vóórlopigheid van sy huidige krisis raak te sien - om raak te sien dat die sinvolheid van die lewe nie afhang van hoe lánk daar gelewe word nie, maar hóé daar gelewe word. Laat die lydende toe om sy emosionele ontwrigting as gevolg van die lyding te kommunikeer.

Louw (1979:183) sien in die ervaring van lyding 'n geleentheid en stel dit so:
“Lyding bied die gelowige die geleentheid om te getuig: hier is my God en so
lyk Hy. Want die lydende werk met 'n God wat beloof het: ‘Die Here sal
oordag sy goedertierenheid gebied en in die nag sal sy lied by my wees, 'n
gebed tot die God van my lewe” (Ps 42:9).

Amen.

(Thirion 1998).

■ **Kommentaar op praktykmodel 5.2.1.1**

Job se vriende het die hele duur van sy lyding God as iemand met 'n gebalde vuus aan hom voorgehou - 'n Regter wat besig is om hom te straf vir wat hy verkeerd gedoen het. Toe Job so ver gaan om sy vuus ook vir God te bal, ontdek hy 'n oopgespreide handpalm onder hom. Die vraag is nou: Is dié spesifieke karaktereienskap van God wat deur Job deur lyding heen ontdek is, slegs te kenne as die boodskap van Job se ervaring van lyding ver-Christelik word? Die antwoord is tog 'n onomwonde, nee. Job het sin en betekenis in die lewe gevind wat kwalitatief gesproke nie minderwaardig is teenoor byvoorbeeld die *sin van lyding* wat 1 Petrus 4:12-16 *Christologies* aanbied nie.

Wanneer die pastor 'n Christologiese perspektief op lyding aan die lydende wil oordra, moet hy dit op 'n teosentriese basis vanuit 'n Nuwe-Testamentiese teks doen. Die kruis, die opstanding en die wederkoms is nié ter sprake wanneer pastorale perspektiewe vanuit die lydingservaring van Job vir die pastoraat aangewend word nie. Die oorwinning van Christus oor die dood is nie 'n pastorale perspektief aan die hand waarvan Job die sin van die lewe ontdek het nie. Sou daar geargumenteer word dat 'n Christologiese perspektief aan die Nuwe-Testamentiese lydende voorgehou móét word ten einde sin te maak, kom dit neer op devaluasie van die teks en boodskap van die Ou Testament.

5.2.1.2 Model 2: Gen 22:1-14a, 19

Teks: Gen 22:1-14a, 19.

Hierdie verhaal begin deur te verklaar: “God het vir Abraham op die proef gestel” (*nasa*) en dit eindig met Abraham se mening oor die saak: “Die Here voorsien.” Die ondersoek beskou die verwysing na “Moria” in vers 2 as ‘n redaksionele byvoeging om te strook met vers 14b (Daar word nou nog gesê: Op die berg van die Here word voorsien) wat ook ‘n redaksionele byvoeging is na aanleiding van Abraham se mening oor die saak in vers 14a. Die gedagte agter dié redaksionele byvoeginge is om Jerusalem se tempelberg en offerkultus te legitimeer (Westermann 1985:357). Die *Pentateuch and Haftorahs* (1960:74-75) stel dit ook so: “Jewish Tradition identifies *the land of Moriah* with the Temple Mount (2 Kron 3:1)”; “Where the Lord is seen, i.e. where He reveals himself - referring tot the Temple, which was afterwards erected on this mount.”

Vers 15-18 is ook ‘n redaksionele byvoeging ten einde die (ou) verhaal verband te laat kry met die groter konteks van Israel as volk se geskiedenis (Westermann 1985:358). Dit is ‘n verhaal met ‘n kultiese perspektief op gehoorsaamheid en is ideaal om as ‘n *homilie* (Vos 1996b:172) vir enige antropologiese vakonderrig aangebied te word:

Vers 1 kondig aan: God gaan vir Abraham toets, met ander woorde God gaan ‘n *taak* op Abraham lê - daar gaan gekyk word of hy dit kan *uitvoer* of nie en sodoende *slaag* hy of *slaag* hy nie die toets nie. Hierdie drie elemente van die toets word as volg in die verhaal ontvou:

Vers 1-2 Die taak word aan Abraham opgedra.

Vers 3-11 Abraham voer die taak (gewilliglik) uit [eintlik is dit God wat self die taak uitvoer - vers 11-12a].

Vers 12b-13 God kondig self aan: Abraham, jy het geslaag!

Vers 1-2: Die taak

Die **toets** vir Abraham was daarin geleë dat God hom versoek het om te offer - dit wat alleen die toekoms kon waarborg, sy enigste seun, God se eie geskenk aan hom. Toe God Abraham beveel het om uit Haran weg te trek (Gen 12:1), moes hy sy land en familie agterlaat en só sy verbintenis met die verlede verbreek - nou vra God weer van hom om sy seun op te offer en sodoende sy bande met die toekoms te verbreek. Die geloof wat Abraham in God gestel het (Gen 15:6) word nou waarlik op die proef gestel: Om vas te klem aan God se geliefde geskenk vir hom, óf om God se opdragte te gehoorsaam - dit is die dilemma waarmee Abraham te doen kry.

Vers 3-11: Die taak/opdrag word uitgevoer

Abraham begin dadelik, sonder om vrae te vra, die opdrag uit te voer. Vers 5 wil op 'n besondere wyse die alleenheid van so 'n kritieke uur uitbeeld deur te vermeld dat die twee slawe (wat sy huishouding verteenwoordig) nou moet agterbly. Van nou af is dit net vader en seun - alleen! Vers 5 het eintlik die tafel vir die laaste stadium van die reis gedek: 'n Stadium van dialoog tussen vader en seun (vers 6-8): "Terwyl hulle twee so saamloop." Dit wil die fokus daarop plaas dat hulle nou heeltemal alleen is. Maar hierdie alleenwees van vader en seun laai die spanning nog verder op, want nou kan "vrae" wat nog nie antwoorde het nie, gevra word. Vir die slawe is gesê: "Ek en die seun gaan daar aanbid, dan kom ons terug na julle toe." Die reisgeselskap se vrae is beantwoord, maar wat van die seun se vrae?

Let op hoe Abraham vir Isak aanspreek: "My seun" - daar bestaan 'n intieme verhouding en dit skep die atmosfeer van die oomblik waarin Abraham nou moet begin verduidelik. Op die seun se vraag kom daar nie 'n direkte antwoord nie - Abraham verberg die opdrag vir sy seun en sê eintlik vir hom: God sal self jou vraag beantwoord, of was dit die enigste antwoord wat 'n man in die oomblik van 'n krisisuur kon uiter - gooi die bal in God se hande? Isak

as jong seun, kon nouliks tevrede wees met so 'n antwoord. Die woorde: "Daarna het hulle twee saam verder gestap" skep doodse stilte na die dialoog waarin Abraham eintlik nie die seun se vrae kon beantwoord nie. Ongelooflike spanning bou op wanneer Abraham sy opdrag met presiesheid begin uitvoer (vers 9-10) - die verhaal bereik breekpunt. Die draaipunt breek egter aan met 'n noodroep op Abraham: Die opdrag word teruggetrek!! Los jou seun! Nou weet Ek dat jy My vrees (dien). Abraham kon eers regtig ontspan toe hy die ram sien en weet God het werklik voorsien (vers 13) - sy kommentaar daarop: "Die Here voorsien." Vers 19 is die slot van die verhaal - alles kom tot 'n einde!

Wat kan ons uit die verhaal leer? Abraham slaag die opdrag van gehoorsaamheid wat in vers 1-2 aan hom opgedra was. Om *God te vrees* wil uitdrukking gee aan die korrekte morele gedrag en in Abraham se geval die volmaakte gehoorsaamheid aan God se opdrag ten spyte van die pad van bitter lyding. Die verhaal bereik sy doel by die naamgewing van die gebeure: "Die Here voorsien." Hierdie naam is 'n resonansie van die klimaks van die verhaal - Abraham se reaksie in woorde; die antwoord op die seun se vraag; die verligting van Abraham se benoudheid.

Die verhaal moet geïnterpreteer word met verwysing na hierdie doel, naamlik "God sal voorsien" - die verhaal begin tog met God se opdrag en eindig met God se voorsiening. Om slegs die fokus te plaas op: "God het Abraham getoets", is 'n eensydige interpretasie van die verhaal as dit sonder meer by die resultate van die toets gevoeg word. Die fokus moet eerder só lees: *God voorsien op die eensame pad van lyding*. Die toets was tog die "eensame lydenspad" van 'n vader waarin hy "gehoorsaamheid ten spyte van" ander beloftes waaraan hy graag wou vashou, moes leer. Hierdie "eensame lydenspad" van Abraham eindig nie as hy die opdrag uitvoer nie, maar wanneer God die plaasvervangende offer voorsien, en die "pad" 'n ander naam kry - "Die Here voorsien." Daar kan met sekerheid gesê word: Die

resultaat van die gebeure is nie, “God het Abraham getoets” nie, maar “God voorsien in nood en lyding.” Die bewys hiervan is daarin geleë dat Abraham mos nie vooraf geweet het dat hy *getoets* gaan word nie (vgl. vers 1) - hy het slegs die “eensame pad van lyding” gestap in opdrag van God. Abraham se lydenspad sou tog nie geëindig het indien hy wel vir Isak geoffer het nie (die slaag van die toets), maar is deur God beëindig deur voorsiening. God voorsien dus in die eerste plek in Abraham se nood en nie slegs ‘n offer nie.

Abraham word in die verhaal voorgehou as ‘n voorbeeld, maar nie ‘n voorbeeld wat lof moet kry omdat hy die toets geslaag het nie, maar as ‘n voorbeeld van iemand met ‘n pad van lyding waarin God voorsien wanneer die nood en angs op sy hoogste is. Dit is God wat in die middelpunt van die ontknoping moet staan - nie Abraham nie. God moet die lof kry omdat Hy voorsien het toe Abraham geen ander oplossing gehad het nie.

Hierdie verhaal veroorsaak dat wanneer dit gelees word, die leser ‘n deelnemer in die ervaringe van Abraham word - vir toeskouers is daar nie plek in die verhaal nie. Deelnemers op die “eensame pad van lyding” sal in die hulpelose oomblikke van stiltes (vers 8b) met Abraham kan identifiseer. Deelnemers in die verhaal sien nie vir Abraham as iemand wat ‘n toets van geloof moes slaag nie, maar sien die benoude en angsvolle Abraham wat onder beproewing verkeer - vanaf die oomblik dat hy die opdrag ontvang het, tot op die oomblik dat hy verligting kan smaak met dié woorde: “Die Here voorsien.” Hierdie interpretasie het nie vir Abraham beteken, “Ek het nou die toets geslaag,” nie. Vir hom het dit slegs één ding beteken: My kind is veilig, my kind is gered, alle dank aan God - Hy het voorsien.

Amen.

(Thirion 1999).

■ **Kommentaar op praktykmodel 5.2.1.2**

Die verhaal van Abraham wat vir Isak moes offer, is 'n uitstekende voorbeeld om as praktykmodel vir onderrig in die prakties-teologiese antropologiese vakgebiede te dien en dan in besonder die pastoraat. Die rede daarvoor: Isak word met baie min uitsondering op die reël in die gereformeerde tradisie tipologies vir die offer van Jesus voorgelê. Indien hierdie verhaal (vir die antropologiese vakke) vanuit 'n teosentriese basis vir die interpretasie van die Ou-Testamentiese tekste oortel word, sal dit kan demonstreer dat Christologiese dwang op die teks van die Ou Testament die boodskap daarvan devalueer.

Die ondersoek wil selfs die bewering maak dat om die "offer" van Isak as tipologie vir Jesus aan te wend, nie eens deur die Nuwe-Testamentiese skrywers gedoen was nie - altans nie eksplisiet nie. Jakobus 2:21-23 haal die verhaal van Abraham wat vir Isak moes offer aan, maar dan nie op 'n tipologiese wyse nie. Jakobus doen dit om vir sy Joodse Christenlesers die verhouding tussen geloof en daad aan te wys (Adamson 1976:128). Paulus doen dieselfde in Romeine 4:1-3, maar verduidelik aan sy lesers dat daad (wettiese godsdiens) nie kan red nie, maar die geloof die hande is waarmee verlossing opgeneem word. Hebreërs 11:17-19 is die volledigste verwysing na die verhaal van Abraham en Isak. Weer gaan dit oor die geloof van Abraham en nie oor die 'offer' nie. Abraham word saam met ander voorvaders as voorbeelde van regverdige wat in die geloof gelewe en gesterwe het, voorgelê. Gevolglik kan daarop aanspraak gemaak word dat Genesis 22 binne die groter literêre eenheid van die aartsvaderverhale 'n ander boodskap dra as dié van tipologie wat so dikwels gehoor word.

Die ondersoek se kommentaar by die verhaal van Job is ook van toepassing op die interpretasie van die ervaring van lyding in die geval van Abraham - hermeneuties-teologies geld dieselfde argumente.

5.2.2 'n Praktykmodel vir godsdiensoonderrig

5.2.2.1 Spreuke 9:9-12

Teks Spreuke 9:9-12 en ander tekste soos na verwys in die boodskap
(Wysheid: pedagogies en didakties)

Konteks Teologies-etiese en psigologiese vraagstukke in die
grootwordproses van kinders.

In die grootwordproses van kinders staan die vorming en vestiging van 'n eie identiteit sentraal. 'n Duidelike identiteit beteken 'n duidelike antwoord op die volgende drie identiteitsvrae:

- **Wie is ek?** Dit is die vraag na die self. (**Persoonsidentiteit**)
- **Wat is my verhouding tot ander?** Die losmaking en kritiese distansiëring van die ouers en die eie leeftydsgroep kom hier aan die orde. (**Sosiale identiteit**)
- **Wat glo ek?** Dit is die vraag na ideologiese volwassenheid. (**Geloofs-identiteit**)

Homiletiese riglyne

Inleidend:

• **Aan die kinders:** Wat wil julle die graagste eendag in die lewe bereik? Julle droom oor die toekoms en koester allerlei ideale. Geld, status, kwalifikasies, sukses, ensovoorts, is alles belangrike mikpunte in die lewe. Ons sal verskil oor wat die belangrikste ding is wat 'n mens in die lewe kan bereik, maar ons sal almal saamstem dat ons elkeen graag **gelukkige mense** wil wees.

• Aan die **ouers**: Wat wil u die graagste vir u kinders gee? Ons sal verskil oor die aard en die grootte van die erfporse wat ons graag eendag vir ons kinders wil nalaat, maar oor die inhoud sal ons dit roerend eens wees: Ons wil graag elkeen hê dat ons kinders eendag **gelukkige mense** moet wees.

‘n Mens word nie gelukkig gebore nie. Geluk word verwerf langs die weg van **keuses**. Die regte keuses verseker lewensgeluk. Net soos die saaiwerk van die boer die kwaliteit van sy oes bepaal, so bepaal die keuses wat jy maak die kwaliteit van jou lewensgeluk. Hierin lê ook die verskil tussen ouers en kinders. Ouers het in baie opsigte reeds gekies, kinders kan en moet nog kies. ‘n Beroep, vriende, ‘n lewensmaat is alles keusemoontlikhede vir die jongmens op die pad na ‘n gelukkige lewe.

Spreuke gee raad met die oog op ‘n gelukkige en suksesvolle lewe. Die “wysheid” bevat ernstige waarskuwings teen die verkeerde keuses, maar gee ook terselfdertyd positiewe riglyne met die oog op die regte keuses. Wie erns maak met hierdie riglyne kom tot die juiste lewensinsig, bemeester die kuns van die lewe. Dit bring eer, aansien en voorspoed. Dit verseker ‘n lang, vol en gelukkige lewe (Spr 3:2; 4:10 v.v.). Wie hierdie raad van die hand wys sal nooit gelukkig wees nie (Spr 5:11 e.v.).

1. Die keuse van die regte vriende

Elke jongmens wat bereid is om eerlik na homself te kyk, na sy kleredrag, mode, haarstyl, ontspanning, musiek, ensovoorts, sal duidelik die “vingerafdrukke” van sy vriende raaksien. Nie net op die oppervlakte nie, maar ook ten opsigte van die meer blywende waardes het vriende ‘n belangrike invloed. Vriende het die vermoë om mens te maak of te breek. Daarom is die keuse van die regte vriende belangrik. Wees gewaarsku (Spr 1:10), wees versigtig (4:14 e.v.) vir die verkeerde vriende. Die regte vriende bring jou in die **lig**, maar die verkeerde vriende laat jou in die **duisternis** beland (4:18 e.v.).

2. Die keuse van die regte liefdesverhouding

Jeugtyd is die tyd van die groot liefde, maar hou ook die moontlikheid in van die groot hartseer. Wees gewaarsku teen die verkeerde liefdesverhoudings. Dit kom dikwels subtiel en lyk soms baie aanloklik, "lekker" en onskuldig (Spr 5:3, 6:3). As jy nie versigtig is nie kan jy onbewustelik beland (5:6b) waar jy nie wil wees nie. Die vuur wat jou warm maak, is ook die vuur wat jou kan verbrand (6:17 e.v.). Die verkeerde liefde kan die oorsaak wees dat jy jou mooiste jare vermors (5:9).

3. Die keuse vir God

Die belangrikste keuse is die keuse vir God. Hierdie keuse hang nie in die lug nie, maar kan prakties getoets word aan die volgende:

- 'n bereidheid om God volkome te vertrou (3:5a)
- 'n gewilligheid om jou eie onvermoë en gebrekkige insigte te erken (3:5b, 7a)
- 'n bereidheid om in gehoorsaamheid na God te luister (3:6)
- 'n besef dat alles nie altyd net goed gaan nie en 'n aanvaarding dat God in liefde ook hulle straf wat Hy liefhet.

Terwyl jy nog twyfel oor jou keuse vir God, is dit belangrik om te onthou dat God reeds vir jou gekies het. Ter wille van sy keuse vir jou was Hy bereid om sy Seun Jesus Christus na hierdie wêreld te stuur. God het sy keuse vir jou aan jou bevestig by jou doop. Daar kan geen misverstand wees oor God se keuse vir jou nie. By die doop is jou naam immers volledig genoem saam met dié van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees. Jou ouers het onderneem om jou by te staan in jou keuse. Maak erns met dit wat hulle by jou wil tuisbring (6:20). Ouers kan alleen hulle kinders bystaan in hulle keuse as hulle natuurlik self die regte keuses gemaak het.

Amen.

(Raubenheimer 1989:53-57).

■ **Kommentaar op praktykmodel 5.2.2.1**

Die ondersoek het juis Ou-Testamentiese wysheidsliteratuur gebruik vir 'n praktykmodel vir godsdiensoonderrig, omrede die Wysheid as literatuur baie onderwaardeer word deur die gebruiklike homiletiese modelle vir die interpretasie van die verhouding Ou Testament/Nuwe Testament. Die ondersoek het ook verder gegaan en 'n interpretasie en aktualisering van die Wysheid by Raubenheimer (1989) oorgeneem ten einde die hipoteses van die ondersoek nog verder vanuit die bestaande praxis van die geloofsgemeenskap te versterk.

Raubenheimer se hermeneuties-teologiese raamwerk vir die interpretasie van die verhouding Ou Testament/Nuwe Testament slaag goed daarin om die Nuwe-Testamentiese konteks (God het vir jou gekies in Jesus Christus by jou doop - jou naam is saam met dié van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees genoem) ter sprake te bring sonder om dit as voorvereiste vir die verstaan van die Ou-Testamentiese teks te stel. Hy bring selfs die verbond op 'n "teosentries"-verantwoordelike wyse ter sprake as die konteks waarbinne al hierdie regte keuses gemaak moet word. Die voorveronderstelling waarmee Raubenheimer die teks lees en aanbied, verhoed enige aanklag van praktyke van moralisme.

5.2.3 'n Praktykmodel vir spiritualiteitsonderrig

5.2.3.1 Psalm 127 - 'n Wysheidpsalm

Teks Ps 127 (Wysheidpsalm)

Teologiese riglyne

Die Psalm wil sê dat sonder God alle menslike inspanning tevergeefs is: die mens se poging om 'n huis te bou, om 'n naam te maak; die mens se inspanning om sekuriteit vir homself te skep op verskillende maniere.

Hierdie sake is ook vandag nog baie aktueel. Ons is almal so besig om te **bou**, om te probeer naam maak. Ons probeer alles moontlik om dit so gerieflik as moontlik vir ons en ons huisgesinne te maak. As ons die Here nie in hierdie dinge ken nie, as Hy nie saam met ons bou nie, as ons nie ons afhanklikheid van Hom besef nie, as Hy nie argitek én medewerker is nie, as alles maar net om onself sentreer - ja, dan is alles tevergeefs en dan is al ons pogings sinloos.

Ons lewe in 'n tyd waarin almal baie bewus van **veiligheid en sekuriteit** is. Ons omhein ons skole met doringdrade. Ons omring ons erwe met hoë heinings en beveilig ons huise en motors met diefalarms. Ook ons winkels en werksplekke is toegerus met allerlei veiligheidsisteme. Nie net in ons persoonlike lewens nie, maar ook op owerheidsvlak is feitlik alles op sekuriteit ingestel. Dit is die hoofsaak van alle veiligheidsmagte en van "die manne op die grens" om te sorg vir sekuriteit en veiligheid. Daar is selfs diegene wat beweer dat die apartheidsideologie deesdae deur 'n sekuriteits- of veiligheidsideologie vervang is. Natuurlik is dit wys en verstandig om jouself te beveilig. Dit sou veral in die lig van ons situasie in Suid-Afrika dom wees om dit nie te doen nie. Wie egter so angsvallig op sy eie veiligheid ingestel is en dink dat hy dit self kan bewerkstellig en vir die Here buite rekening kan

laat, grawe juis sy eie graf. Dit is dus goed om te hoor dat as die Here die stad nie bewaar nie, dan is alles tevergeefs. Die werkwoord *samar* beskrywe 'n basiese aktiwiteit van die Here (vgl. veral Ps. 121; ook Ps. 34:20; 86:2; 97:10; 116:6).

Die psalm het ook 'n belangrike woord te sê oor ons **werk en arbeid**. Ons lewe in 'n kompeterende wêreld. Om bo uit te kom moet ons hard werk; moet ons vroeg opstaan en laat gaan slaap. Om suksesvol in ons beroep te wees moet ons alles gee. Ons hardloop elke dag van bakboord na stuurboord. Ook ons kinders en jongmense is in hierdie bese spiraal vasgevang. Om te presteer op akademiese, kulturele en sportgebied moet hulle van vroeg tot laat oefen en studeer. Natuurlik sê die psalm nie dat dit verkeerd is om te werk nie. Inteendeel, dit is tog een van die basiese opdragte wat aan ons gegee is, naamlik dat ons die aarde moet bewerk (Gen. 2:15). Wat hierdie psalm wel sê, is dat as ons so vasgevang is in ons werk dat ons die Here nie raaksien nie, dan is alles eintlik tevergeefs. As alles net om jouself draai, is dit 'n gejaag na wind. Die sleutelwoorde in die psalm is die woorde "die wat Hy liefhet." As ons die Here liefhet dan word die lewe - ja, ook ons harde werk - sinvol en behou ons perspektief te midde van al die vereistes wat aan ons gestel word. As ons ons harde werk sien as 'n lewe van dankbaarheid van verlore kinders; as ons ons gewone dagtaak ook as Gods-diens sien, dan word alles die moeite werd en is die lewe nie moeite nie, maar 'n vreugde. Aan die ander kant, al bereik ons die hoogste sport dan word ons 'n klinkende metaal en 'n luidende simbaal as ons die liefde nie het nie.

Die psalm het ook iets te sê oor die **gesinslewe**, en by name die **kinders**: In 'n tyd van oorbevolking en in sommige gevalle onwelkome kinders, ongewenste swangerskappe, kindermishandeling en aborsie lyk dit soms asof kinders 'n vloek is. Psalm 127 sê egter dat kinders 'n gawe en 'n seën van God is. Eintlik behoort kinders nie aan ons nie. Hulle is die Here se eiendom en sy genadegawe aan ouers. Dit bring 'n geweldige verantwoordelikheid vir

ouerskap mee. Omdat kinders 'n gawe van God is, is ouerskap nie sommer 'n vanselfsprekendheid nie. Daar is baie mense wat nie dié vreugde deel nie. Diegene wat die gawe van die Here gekry het, moet dit ook as 'n opgawe sien om hulle kinders as die Here se kinders groot te maak.

Selfs met al die pyn en sorg waarmee kinders se geboorte en grootmaak gepaard gaan, is kinders een van die grootste gawes en 'n bron van vreugde. Die voorveronderstelling is dat dit die geval is in dié huis waar die Here in die middelpunt staan. Sonder kinders is daar geen toekoms nie en is die oudag alleen en troosteloos. Kinders is 'n bron van vreugde en sekuriteit.

Psalm 127 praat dus oor van die mees fundamentele en basiese dinge in die lewe: die ontstaan en bou van menslike strukture, die sekuriteit en beveiliging van die gemeenskap; die werk en roeping van die mens; gesinslewe en kinders. Die psalm sê dat tensy die Here medebouer, medebewaarder en medewerker is, word al dié dinge sinloos en leeg.

Homiletiese riglyne

Tema "As die Here die huis nie bou nie"

In die lig van die oorspronklike funksie van die psalm sal hierdie preek didakties-oorredend moet wees. Die preek sal dus daarop afgestem moet wees om die gemeente in te lei en te oortuig van die basiese feit wat sterk in die psalm na vore tree, naamlik dat alle menslike inspanning tevergeefs en vrugteloos is as dit los van die Here se aktiewe teenwoordigheid plaasvind.

Daar moet dus duidelik aan die gemeente gesê word dat godsdiens nie net met "geestelike" dinge te doen het nie. Die Here wil en behoort betrokke te wees by ons gewone, alledaagse lewensaktiwiteite. In die lig van die teologiese riglyne en met inagneming van elke gemeente se eiesoortige situasie, kan die volgende temas in een of meer preke uitgebou word. Hier word alleen die riglyne gegee:

- Sonder die Here as medebouer en grondlegger is al ons pogings tot menslike strukture tevergeefs.
- Sonder die Here as bewaarder is ons pogings om onself te beskerm en te beveilig tot mislukking gedoem.
- Ook ons harde werk en inspanning is niks werd as ons die Here nie liefhet en op Hom vertrou nie.

Vanuit Nuwe-Testamentiese perspektief sou dit nodig wees om daarop te wys dat sonder Jesus Christus die lewe tevergeefs is. Hy gee juis sin aan al die fasette van ons lewe. Binne dié raamwerk word kinders beleef vir wat hulle regtig is: 'n Seën en gawe van die Here en 'n belegging en sekuriteit vir die toekoms. Kinders is die eiendom van die Here en moet as sodanig opgevoed word.

Amen.

(Prinsloo 1989:36-42).

■ Kommentaar op praktykmodel 5.2.3.1

Aangesien Prinsloo (1995) die voorloper met betrekking tot die ontwikkeling van 'n teosentriese benadering op die verhouding Ou Testament/Nuwe Testament was, het die ondersoek hierdie preekskets by hom oorgeneem om daarmee erkenning aan hom te gee vir sy hermeneutiese bydrae tot die ontwikkeling van so 'n model. Dit is kenmerkend van Prinsloo se teosentriese benadering om vanuit die Ou-Testamentiese teks te eindig by Jesus Christus. Hy stel dit so: " ... 'n Christen nie anders sal kan as om by die konkretisering en interpretasie van die Ou Testament wel by die Nuwe Testament uit te kom nie" (Prinsloo 1995:392). Die ondersoek se teosentriese model verskil van Prinsloo hierin, maar laat egter plek en ruimte vir 'n Christologiese "beweging" in die preek, solank dit net nie bedoel is om die Ou-Testamentiese teks te "verryk" nie.

'n Mens sou kon dink dat spiritualiteitsonderrig slegs in 'n Pneumatologiese kategorie aangebied moet word. Prinsloo (1995) slaag goed daarin om Wysheid op 'n teosentriese basis sonder Pneumatologiese begroning so te aktualiseer dat dit vir spiritualiteitsonderrig geskik is en steeds die hipoteses van die ondersoek ondersteun.

5.2.4 Samevatting

Die ondersoek kan die aanname maak dat 'n teosentriese benadering as hermeneuties-teologiese model wel daartoe in staat was om die prakties-teologiese antropologie met die teks van die Ou Testament te bedien en tegelykertyd die hipoteses van die ondersoek ondersteun.

5.3 TEOSENTRIESE PRAKTYKMODELLE VIR PRAKTIES-TEOLOGIESE EKKLESIOLOGIE

“In vieren en leren hebben we te maken met kernfuncties van de gemeente als *koinonia*, die open zal moeten staan voor wat zich in de wereld om haar heen afspeelt. Haar opbouw en struktuur dienen hierop gericht te zijn” (Heitink 1993:271). Vir hierdie doel word die volgende vier vakgebiede binne die handelingsveld van *kerk en geloof* onderskei: “gemeenteopbouw, catechetiek, liturgiek en homiletiek” (Heitink 1993:272).

Die praktykmodelle wat die ondersoek vir die prakties-teologiese ekkesiologie gaan aanbied, sal ook daarop gerig wees om te bepaal in hoeverre ‘n teosentriese benadering as hermeneuties-teologiese basisteorie daartoe in staat is om die vakgebiede van die ekkesiologie te bedien met die teks van die Ou Testament en terselfdertyd die hipoteses van die ondersoek te ondervang. Die onvermydelike vraag is weer eens: Sal ‘n teosentriese boodskap uit die Ou Testament eers ver-Christelik moet word alvorens dit bruikbaar is vir die prakties-teologiese ekkesiologie? Indien nie, dan slaag die hipoteses se aanspraak.

5.3.1 'n Praktykmodel vir gemeentebou

5.3.1.1 Model 1: Jes 52:13-53:12

Voorveronderstellinge (Prinsloo 1987b:101-104; Booy 1996:1-14).

Die ondersoek aanvaar 'n *kollektiewe identiteit* vir die kneg, naamlik **Israel as volk** (Jes 49:3).

Die ondersoek verwerp 'n direkte *Christologiese interpretasie* van **voorspelling van vernedering en plaasvervangende lyding van Christus**.

Die ondersoek sien die kneg as 'n **kontemporêre figuur** met 'n boodskap in die tyd vir die mense van die tyd.

Die **funksie** van die kneg en nie sy identiteit nie, is belangrik: *Lyding ter wille van andere se heil, verhoging deur middel van lyding* en dit nét ten einde 'n lig vir die nasies te wees.

Die ondersoek lees en interpreteer Jesaja 52:13-53:12 as 'n **Christen** en verplaas sodoende nié die teks tot buite die Christelike konteks nie.

Wanneer die ondersoek na "kerk" verwys, beteken dit die **Kerk van Jesus Christus**.

Inleiding. Elke uitsiglose tyd en situasie in die lewe van die kinders van God vra na die redes waarom God so 'n situasie van uitsigloosheid toelaat; na die wese van God en sy mag om die betrokke situasie te beredder; na die onoorkomelikheid van die mag van diegene wat oënskynlik die uitsiglose situasie geskep het; na die doel van loutering en vernedering tydens so 'n uitsiglose situasie.

As illustrasie vir wat 'n uitsiglose tyd en situasie in die lewe van die kinders van God in ons land kan beteken, kan verskillende aktuele scenario's geskets word: Siekte, werkloosheid, lyding, kapings, verbryseling - dit kom oor elke kind van God se pad. Ook die Kerk van Christus kan haar in so 'n uitsiglose, vernederende situasie bevind. In die Suid-Afrikaanse konteks kan die Kerk haar binnekort in die skoene van die *kneg van die Here* bevind: Sonder voorkoms en aansien, verag en deur mense verlaat, maar steeds die hand waardeur God sy arm gaan openbaar en dit ter wille van die nasies.

Die antwoorde op derglike vrae lê opgesluit in Jesaja 52:13-53:12. Dié Skrifgedeelte leer ons dat elke uitsiglose situasie van verbryseling swanger is aan God se verrassings en beloftes. Jahwe is die enigste Here en Hy lei sy volk altyd 'n belofteryke toekoms in.

1. Die doel van verbryseling en loutering in die gelowige se lewe.

Die aksent val nie op die lyding en loutering nie, maar op die vrug van die ervaring. Dit beklemtoon dat die gebeure met die *kneg* die daad en werksaamheid van God is, dat die *kneg* passief en in alles slegs die diensvoertuig van God is waardeur Hy sy arm openbaar. Lyding en loutering van die gelowige is daarop gemik om waardevolle insig in die wese van God, sowel as sy werking met die mens te bewerkstellig.

Alle loutering in die lewe van gelowiges is gemik op hernieude toewyding aan God en vernuwing in die geloofsgemeenskap. 'n Nuwe toekoms vir die Kerk van Christus in Suid-Afrika sal slegs langs die weg van die "lydende *kneg*" bereik word. Lyding het sin en doel, maar dan moet dit nie as 'n teken van misnoeë van God met die gelowige gesien word nie, maar as 'n bousteen in God se werkprogram. Die heilsgeskiedenis van Israel is 'n sprekende voorbeeld hiervan: God het nog altyd sy doel met sy *kneg* Israel bereik.

Die konteks van loutering en onskuldige lyding is die ruimte vir die beoefening van liefde: God teenoor mens, mens teenoor God, mens teenoor mens. Die

diepgang van ons loutering toets die egtheid van ons geloof, die egtheid van ons verhoudings, die geloofwaardigheid van ons getuienis. Die diepste geheim en die ryke vrug op lyding lê in die besef dat, wat ook al met die kneg gebeur, God daarin aan die werk is - dat Hy besig is om sy plan te vervul. Die uitkoms wat deur God self bewerk word, word geïllustreer in die universele erkenning en onbetwisbare gesag van die kneg - dit is ook waar van die Kerk van vandag en môre.

2. Die Kerk (elke gelowige) vervul die rol van die kneg.

Die Kerk het 'n roeping - sy is geroep tot kneg - 'n *diensnaam* wat dui op verkiesing tot 'n unieke taak. Die Kerk (elke gelowige) is God se kneg om die verlore mensdom terug te wen: Deur haar lewe moet sy die lig vir die nasies bring en ter wille van die verlore mensdom (nasies) moet die Kerk bereid wees om te ly: Dit is lyding in diens van die triomf van die koningsheerskappy van God. Hierdie roeping kan die Kerk (gelowige) nie met die swaardmag vervul nie, maar sal dit deur lyding en vernedering heen ter wille van die nasies moet vervul. Die Kerk sal die las van die verlore wêreld deur lyding heen moet dra tot op die dag wat God die Kerk se vernedering in triomf gaan verander - in die plek van skande 'n ereplek aanwys. Die Kerk (gelowige) sal ook deur uitsiglose situasies moet gaan ter wille van die sonde van die mensdom.

3. Wat is dan die taak van die kneg in ons huidige situasie?

As illustrasie kan die huidige posisie van die Christelike Kerke in Suid-Afrika geskets word. Vir baie jare het die Kerk die voordeel van staatsondersteuning geniet en kon sy in redelike gerieflike omstandighede 'n getuienis laat hoor. Vir die jare wat kom, sal die Kerk haar rol as kneg moet vervul ter wille van God se universele heilsplan.

God se heilsplan is universeel gerig op die verlore wêreld, maar loop deur die Kerk van Jesus Christus. Op weg na die nuwe hemel en nuwe aarde moet die Kerk 'n lig vir die nasies wees. Die Kerk (gelowige) moet die gesindheid van

gewillige onderworpenheid tot die dood toe openbaar, al het sy hierdie behandeling allermins verdien. Stilswyend moet sy die leed wat God oor haar toelaat, dra. Al word die Kerk (gelowige) in die wêreld misken en verag - sy moet onthou, die Skeppergod is ook haar Verlossergod en sal deurgaans haar onskuld bevestig.

Dit is vir die Kerk moontlik om deur namelese veragting, vereensaming en lyding, vrede en genesing vir baie te bring. Dit is die taak van die Kerk (gelowige) om hoop vir die wêreld te bring. Hoop wat 'n verskil aan mense se lewens sal maak. Die hoop wat begin by, julle sondes is vergewe. Terwyl die Kerk (gelowige) met haar dienswerk besig is, moet sy weet dat die uitkoms en sukses van dit wat met haar gebeur, gewaarborg is. Verhoging uit haar vernedering in hierdie wêreld word as 'n goddelike belofte gegee. Die Kerk moet onthou: Goddelike triomf word gedemonstreer deur die las van ongeregtigheid vrywillig te dra.

Amen.

(Thirion 1996b).

■ **Kommentaar op praktykmodel 5.3.1.1**

Die *taak* en die *roeping* van die Kerk én die *pad* waarlangs hierdie roeping vervul moet word, word duidelik op 'n teosentriese basis vir die interpretasie van die verhouding Ou Testament/Nuwe Testament deur hierdie *kneglied* verwoord. Dit is geensins nodig om wanneer uit hierdie teks gepreek word, die ekkesiologie Christologies te begrond nie. Die kerk bestaan reeds (Christologies) en soek deur middel van hierdie Ou-Testamentiese teks antwoorde op die ervaring van kerkwees in die kontemporêre situasie.

Indien daar 'n behoefte bestaan om die Kerk op enige stadium Christologies te begrond, sal die ondersoek Nuwe-Testamentiese tekste op 'n teosentriese basis daarvoor aanwend. Elke keer wanneer die ondersoek 'n Christologiese verwysing in die preekskets ter sprake gebring het, was dit by wyse van voorveronderstellinge gedoen en nie omdat Christus onderliggend aan die *kneglied* is nie.

5.3.1.2 Model 2: Psalm 130

Skriflesing Ps 130

Tema 'n Basisteorie vir gemeentebou

Die geestelike toestand van die NG Kerk is op almal se lippe - selfs in die rubrieke van nuusblaaie. Daar word gevra: Is die NG Kerk 'n sterwende kerk met verwysing na afname in lidmaatgetalle. Andere stel weer voor: Raak ontslae van die orrel - 'n orkes sal die gemeente beter laat sing! Geleerdes vra: Is die NG Kerk dalk in sy middeljare-krisis?

Aan oplossings om die kerk weer vitaal te kry, is ons nie minder vindingryk nie: Kom ons sing weer die kerk vol. 'n Teoloog pleit vir 'n kultureel-relevante kerk as oplossing. Selfs kerkeenheid word as oplossing gesien. Dan is daar natuurlik die gemeentebouprogramme uit die penne van geleerdes wat leraars met groot geesdrif in gemeentes aanpak, maar sonder veel entoesiasme onder die meeste lidmate.

Die gemeente het ook bepaalde probleme en soek ook na oplossings daarvoor. U het 'n nuwe leraar beroep en verwag sekerlik oplossings van sy kant af. U verwag verandering en vernuwing. Psalm 130 sal ons leer hoe om dit te bekom - tree vir tree dít vir ons uitspel.

Vers 1 en 2 sê: "Uit die diepte roep ek na U, Here." Hiérdie verskynsel moet die toestand van die kerk (en gelowiges) karakteriseer. Uit die dieptes roep - dít is die Bybelse karakter van die gelowige - dít moet identiteit aan die kerk gee. Nie die "dieptes" nie. Op hierdie oomblik gee die "dieptes" die beste beskrywing van die kerk se toestand. Die stotterende sang, krimpemde getalle, kwynende finansies en gemeentes wat ontbind, beskryf slegs die kerk se probleme - die **dieptes**, en dít mag nie aan die kerk haar identiteit gee nie.

Slegs ons oplossing sal ons van al die ander gelowe in hierdie land met godsdiensvryheid onderskei. My taak as nuwe leraar sal wees om u weer te leer **roep**, en wel na God! Die gemeente se identiteit moet sigbaar word in haar **roepstem**.

Vers 3 en 4 verduidelik dat dit geen geheim mag wees dat dit die **sonde** is wat ons gebring het waar ons is nie (in die diepte). Die post-moderne gelowige is so ongeërgd oor sonde - die sonde het al te verfyn geraak om nog herkenbaar te wees. Wanneer het u laas iemand in die gemeente in sondeoortuiging sien uitroep na God - met pleitende hande na bo. As iemand my te na kom, roep ek dadelik om hulp. Maar as dit by sonde in my lewe kom, swyg ek totdat dit te laat is - totdat ek nie meer kan *staan* nie; nie meer kan *bestaan* (voor God) nie.

Deel ons nog in die Psalmdigter se wroeging? Of *bestaan* ons voor God op grond van selfregverdiging, selfverdediging, goeie gewoontes en tradisie? My taak as nuwe leraar sal wees om u weer uit die Woord in te lig oor die wese van sonde en die las wat dit meebring én u te begelei met u sondelas tot waar u **vergifnis** kan kry.

Met die sondeskuld hoef daar nie mee saamgeleef te word nie (vers 4), want God het voorsiening gemaak: Christus se **uitroep** aan die kruis was ook uit die diepte - dié diepte van my en u sondelas. Daardie **roep** het Hom weer laat *staan* voor God - weer laat *opstaan* voor God! Die salwende uitwerking van vergifnis maak heel, herstel en vernuwe - dit bring die *diens* aan God tot stand! Vergifnis is die “basisteorie” vir enige gemeenteboupraktyk. Alle ander aktiwiteite moet op hierdie “basisteorie” gebou word.

As daar nie meer kerk is nie - die eredienste loop leeg, die atmosfeer in die erediens is koud en die sang stotterend, dan sê Psalm 130: Daar word nie meer geroep nie - nie meer aangemeld vir vergifnis nie. Alle kerkwees wat nie

soos 'n fontein uit vergifnis ontspring nie, loop uiteindelik dood. 'n Gemeente kan slegs vitaal in diens voor God *bestaan* indien dit in die dampkring van vergifnis *staan*. Goeie organisasie en beplanning, gemeentebouprogramme en kursusse is nie 'n waarborg dat die kerk vitaal sal wees nie. Dit is slegs vergifnis wat so 'n nuwe lewenstyl (soos wat ons begeer) tot gevolg kan hê.

Vers 5 en 6. **Vergifnis** maak 'n nuwe bestaan moontlik omdat daar nuwe hoop gebore word. Sondaars wat vergifnis ontvang het, word soos wagters op die mure van Jerusalem: Hulle leef in hoopvolle verwagting van God se beloftes. Vergeefde mense is soos wagters op die mure - hulle het uitsig én insig, hulle het die vermoë om te wag. Hulle is soos wagters vir wie die doodsgeware van die nag verby is, want die rooidag het vir hulle aangebreek.

Vers 7 en 8 is 'n stukkie **belydenis**: Liefde, verlossing en vergifnis is nêrens anders beskikbaar nie. Hier in ons gemeente sal hierdie vergifnis sigbaar aangebied word - in Woord, water, wyn en brood.

As die gemeente op **liefde, verlossing en vergifnis** bou, sê vers 4, sal die **diens** aan God weer *bestaan*.

Amen.

(Thirion 1997b).

■ **Kommentaar op praktykmodel 5.3.1.2**

Dieselfde vraag duik weer op: Moes 'n teosentriese model nie die *vergifnis* uit Psalm 130 eksplisiet *Christologies* aangebied het nie? Die tema van die preek was dan juis: 'n Basisteorie vir gemeentebou. 'n Teosentriese model is egter van mening dat die heil van God soos in Psalm 130 verwoord, teologies voldoende en algenoegsaam is met betrekking tot dit wat die Psalm oor die wese en uitwerking van vergifnis op die beoefening van Gods-diens wil kommunikeer.

Die Psalm wil nie teologiseer aangaande die plaasvervangende offer van Christus nie. Die geleentheid waar die ondersoek wel *Christus se uitroep aan die kruis* in die boodskap ter sprake gebring het, was by wyse van aktualisering van die *uitroep* wat 'n bepaalde teologiese dimensie in die Psalm wil beklemtoon. Die Psalm wil die voorwaarde vir godsdiens uitspel en die uitwerking van vergifnis aan die Christelike geloofsgemeenskap kommunikeer en daarvoor is 'n Christologiese fundering van vergifnis nie nodig nie.

5.3.2 'n Praktykmodel vir kategese

5.3.2.1 Jona 3

Perspektief en konteks van die verhaal

'n Onbekende verteller maak van 'n kort-kortverhaal waarin 'n Jonafiguur op menslike vlak die hoofrol speel, gebruik. Maar die eintlike profeet is die verteller wat deur die Jona-verhaal die leser wil oorreed om God op sy woord te neem. Die Jona-verhaal kom uit die tyd ná die ballingskap. Die nuwe tyd het vir 'n nadenke oor die droewe tyd van die ballingskap gevra. Die nasionalistiese Jode in ballingskap het nie die Deutero-Jesaanse tradisie gedeel waarin lyding en verdrukking 'n genesende funksie gekry het nie. In nasionalistiese geleedere was die katastrofe en ontgogeling van die ballingskap toegeskryf aan versuim om die wet te gehoorsaam. Daarom is daar in die tyd na die ballingskap beweer dat God se stem eintlik in die wet gehoor kon word. Die tempelkultus was die plek waar die wet bewaar en onderrig is. Dit is teen dié agtergrond dat die Jona-verhaal vertel word.

'n Preekteks uit Jona 3

Preektema: 'n wie-weet-geloof

Jona se mond drup nog van soutwater. Hy is gehawend, en tog nie haweloos nie. Veilig sit hy voet aan wal. Sy kop staan Nineve toe. God het hom gered en weer geroep. Nou is hy gereed vir “veldtog Nineve.” Hy hoef nie by sy volk se aartsvyand vlerk te gaan sleep nie. Al wat hy moet doen, is om God se boodskap af te lewer. Nineve is 'n groot stad. Ontslaglik groot. Hiermee word Jona se menslik onmoontlike opdrag aangedui. Menslik gesproke kan hy nie slaag nie. Van hoek tot kant moet hy Nineve deurtrap; drie dagreise

lank. Jona se boodskap is dinamiet - verwoestend. Sy preektema is: oordeel ... oordeel ... oordeel ... die hel is los! Oor veertig dae word Nineve verwoes (3:4b). Die verwoesting herinner aan dié van Sodom en Gomorra (Gen 19:25, 29; Amos 4:11). Dieselfde oordeel wat Sodom en Gomorra getref het, is op hande. En dit is tot Jona se vreugde en die Nineviete se ondergang. Binne 40 dae sal Israel van hulle aartsvyand ontslae wees. Jona sal 'n nasionale held wees. Man alleen het hy Nineve deur 'n preek vernietig. Die boodskap is dinamiet. Jona laat die boodskap soos die sondvloed oor Nineve los. Met die een groot verskil: daar is nie 'n ark om te red nie. Jona steek God se boodskap soos dinamiet aan - drie dae aaneen. Sy veldtog moet 'n veldslag word. Nou moet God sy oordeel en vernietiging loslaat.

Daar is verskillende moontlikhede om op so 'n boodskap te reageer. Sommige kan reken Jona is die kluts kwyf. Hy is maar net 'n Jood, lid van die slawevolke. Ander kan meen dat die sterrekundiges en waarsêers nog geen teken van 'n oordeel gesien het nie. Die boodskap kan mens ook doodbang maak. Die kinders sit verslae en doodstil in die huise. Grootmense fluister net oor een saak: die oordeel kom. Die stemming is onrusbarend.

Jona wag gretig op die finale verwoesting. Die spanning is ondraaglik. Die oomblik van vernietiging is voor die deur. Die doodsengel wag met ongeduld. Die preek se uitwerking is verstommend. Die Nineviete neem Jona se preek ernstig op. Jona het heimlik gehoop en vuriglik gebid dat dit nie moet gebeur nie. Die Nineviete verander Jona se preektema na 'n boodskap van hoop. Jona se boodskap is plofstof wat verskuiwing bring. Mense word tot ander insigte geruk. Hulle dink anders oor hulleself, oor God en hulle gode. Hulle wend hulle tot God. "Wie weet of God nie sal omkeer en berou sal hê nie ..." (3:9). Dalk is God anders as Jona en hulle gode. Miskien wend Hy Hom af van sy oordeel. Dalk kan God berou kry! Miskien verander Hy van voorneme.

Die Nineviete sien af van gode: hulle is so onverbiddelik, gevoelloos, bewegingloos, stom. Wie weet! Dalk bekeer God Hom tot die Nineviete. Tot

Jona se onsteltenis waag die Nineviete dit met hulle wie-weet-geloof. Die koning en al sy onderdane buig in berou voor God neer. Selfs die diere doen hieraan mee (3:8). Die omkering word sigbaar deurdat die Nineviete die verkeerde weg moet verlaat en onreg moet aflê (3:8).

Wat doen God op die wending? Hy kry berou! (3:10). Berou maak God nie minder God nie. Sy goddelike aard blyk hierin: Hy is bewoë, genadig en vol liefde. God bekeer Hom nie tot Nineve omdat hulle hul tot Hom bekeer nie. Maar dit is sy genade wat die Nineviete tot berou en bekering beweeg.

Dit is vir ons maklik om ons met die Jona-preek te vereenselwig. Ons is so geneig om Jona-taal te praat. Ons het ook ons Nineve wat ons graag wil verwoes hê. Nineve is 'n simbool wat ons self in ons konteks kan invul. Daar is soveel politieke opponente. Sonder Nineve in die samelewing is al ons probleme opgelos. Ons toekoms, ons voortbestaan is beveilig. Soos Jona sien ons nood, hulpbehoewendheid en ellende net raak as dit ons mense aangaan.

Die preek ruk ons egter tot stilstand. Dit kondig ons almal se oordeel aan. Nie een onder ons word vrygespreek nie. Voor God het ons almal vragte skuld. Moet ons ons daarby neerlê? Moet ons deur die oordeel vergaan? In God se Naam: nee! Want wie weet! Dalk keer God Hom van die oordeel af weg na ons toe. Dalk kry Hy berou! Dit is die boodskap van Jona 3: wie weet! Dalk is God ons genadig! God is genadig! Nie net in Israel nie, maar ook buite Israel. Hiervoor moet ons oë oopgaan. God se genade is grensloos. Daarom het sy Seun oor die hindernisse van 'n krip, 'n kruis en 'n graf na ons toe gekom. Die bewoë God is met ons doodsvonnis kruis toe. Dáár het Hy onder die songloed van oordeel oor ons sonde gesterf. Om ons vry te spreek.

Wie weet of God sal vergeef? Hy het dit gedoen. "Vader, vergeef hulle ... " Daarom kan ons ons met wie-weet-geloof op Jesus Christus werp. Ons kan met 'n wie-weet-geloof opstaan. Met 'n wie-weet-perspektief kan ons die

toekoms aandurf. En as die dood kom - "wie weet! Miskien sal ek opstaan!"
Dit staan vas. Wie weet ... Met die geloof kan ons nou gaan leef.

Amen.

(Vos 1994:164-177).

■ **Kommentaar op praktykmodel 5.3.2.1**

Die ondersoek het hierdie preekskets by Vos (1994) oorgeneem en aangebied as 'n praktykmodel vir kategese. Juis omdat die verhaal van Jona in die gereformeerde tradisie so kontroversieel is en Vos (1994) baie goed daarin slaag om nie vervalte te raak in die historiese verifieerbaarheid van sekere gegewens nie, maar die teologiese relevansie van die verhaal blootlê sonder om Christologiese dwang op die teks uit te oefen, is die preekskets by hom oorgeneem ten einde die toepassing van 'n teosentriese model te rugsteun.

Dit is duidelik deur Vos (1994) uitgespel dat dit in Jona 3 om die aanbod van God se genade gaan - genade wat ons nie toekom nie, maar ook nie eens verwag nie. Vos het wel die *hindernisse van 'n krip, 'n kruis en 'n graf* ter sprake gebring, maar dan vanuit God se perspektief - hy het nooit daarmee die boodskap van die Ou Testament gevalueer nie.

Die klem van die Jona-verhaal moet nie geplaas word op die bekering van Nineve nie, maar dit is in die eerste plek 'n beroep op Israel om hulle te bekeer tot 'n ontferming vergelykbaar met dié van Jahwe en in die tweede plek 'n aanskouingsles dat Jahwe 'n God van ontferming is en dat sy ontferming geen grense ken nie (Bosch 1979:55). Só 'n interpretasie van die Jona-verhaal het geen Christologiese fundering nodig nie aangesien dit om die teologie van ontferming soos in die Ou Testament geopenbaar, gaan.



5.3.3 'n Praktykmodel vir liturgie

5.3.3.1 Model 1

Votum

Liturg: (Ps 125:1-2)

Dié wat op die Here vertrou,
is soos Sionsberg
wat nie wankel nie
en altyd vas bly staan.
Soos die berge Jerusalem
aan alle kante beskerm,
so beskerm die Here sy volk,
nou en vir altyd.

Respons: Amen

Seëngroet (Jes 55:1)

Kom, almal wat dors is,
kom na die water toe,
selfs ook dié wat nie geld het nie, kom,
koop en eet;
ja, kom, koop sonder geld
en sonder om te betaal,
wyn en melk.

Lofoproep (Ps 136:1-9)

Liturg: Loof die Here, want Hy is goed.

Respons: Aan sy liefde is daar geen einde nie.

Liturg: Loof die oppermagtige God.

Respons: Aan sy liefde is daar geen einde nie.

Liturg: Loof die magtigste van alle maghebbers.

Respons: Aan sy liefde is daar geen einde nie.

Liturg: Hy het magtige dade gedoen, Hy alleen.

Respons: Aan sy liefde is daar geen einde nie.

Liturg: Hy het die hemel met soveel insig gemaak.

Respons: Aan sy liefde is daar geen einde nie.

Liturg: Hy het die aarde op die waters gevestig.

Respons: Aan sy liefde is daar geen einde nie.

Liturg: Hy het die groot hemelligte gemaak,

Respons: Aan sy liefde is daar geen einde nie.

Liturg: die son om te heers oor die dag,

Respons: Aan sy liefde is daar geen einde nie.

Liturg: die maan en die sterre om te heers oor die nag.

Respons: Aan sy liefde is daar geen einde nie.

Lofsang (Ps 98:1,3,4)

Sing nuwe lof aan God die Here,
die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte en ere,
sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë
die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë
soos sonnestrale oor berg en veld.

Laat by die psalm, in vreug gebore,
jul harp en stem Hom loof en dank;
laat opklink deur jul tempelkore
trompette en basuingeklank!
Laat vreug die Heer se huis deurbewe,
want groot is Isr'els Vors en Heer;
die see en alles wat daar lewe,
die ganse wêreld moet Hom eer!

Laat al die strome nou die hande
in jubel saamklap van omlaag;
laat die gebergtes langs hul wande
die juigtoon altyd verder draag!
Hy kom, die Regter van die volke,
omstraal deur reg en majesteit;
Hy span sy vierskaar in die wolke
en oordeel in regmatigheid.

Verootmoediging (Esra 9:5-10,13-15)

Maar teen die tyd van die aandoffer het ek daar opgestaan waar ek my met my geskeurde klere verootmoedig het, op my knieë geval en my hande in gebed uitgestrek na die Here my God. Ek het gebid: "My God, ek is te skaam, ek het nie die vrymoedigheid om my kop voor U op te tel nie. Ons sonde is hoog opgestapel, ons misdade staan hemelhoog. Van die tyd van ons voorvaders af tot vandag toe is ons bestaan vol oortredings teen U. Dit was deur ons sondes dat ons, ons konings en ons priesters in die mag van heidenkonings oorgegee is. Ons is doodgemaak, gevange geneem, geplunder; smaad het oor ons gekom en dit is nou nog daar. Nou, 'n kort oomblikkie, het daar vir ons genade gekom van die Here ons God. Hy het die klompie van ons laat vrykom en ons hier in sy heilige plek vastigheid gegee. Ons God het ons weer laat lewe, ons 'n oomblik laat asem skep na ons slawerny. Ons was slawe, maar ons God het ons nie slawe laat bly nie. Hy het die Persiese konings goedgesind gemaak teenoor ons, en hulle het ons die kans gegee: ons kon die tempel van ons God opbou, ons kon hom uit sy ruïnes laat herrys, ons het 'n toevlug gekry hier in Juda en Jerusalem. Maar wat kan ons nou sê, ons God na dié dinge? Ons het u gebooie oortree. Wat oor ons gekom het, het gekom deur ons slegte dade en ons baie oortredings teen U. Ons God, U was spaarsaam met die straf op ons sonde, U het van ons laat oorbly. En na alles wat oor ons gekom het, kom ons en steur ons ons weer nie aan u gebooie nie! Ons ondertrou met hierdie nasies wat so afskuwelik leef! Moet U toorn ons dan nie heeltemal vernietig nie, sodat niemand oorbly, niemand vrykom nie? Here God van Israel, U is regverdig. U het die klompie van ons laat vrykom, so soos dit vandag is. Hier is ons voor U met ons oortredings, maar so kan niemand voor U staan nie."

Vryspraak (Esegiël 36:26-27)

Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom.

Geloofsbelydenis (Nicéa)

Ons glo in een God, die almagtige Vader, die Skepper van die hemel en die aarde, en van alle sienlike en onsienlike dinge; en in een Heer, Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, gebore uit die Vader voor alle tye; (God uit God) Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God, verwek, nie gemaak nie, een in wese met die Vader; deur wie alle dinge ontstaan het; wat ter wille van ons, die mense, en ter wille van ons saligheid, neergedaal het uit die hemel, vlees geword het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria, en mens geword het, wat selfs vir ons gekruisig is onder Pontius Pilatus, gely het en begrawe is; en op die derde dag opgestaan het volgens die Skrifte; wat opgevaar het na die hemel, en wat sit aan die regterhand van die Vader; wat weer sal kom met heerlikheid om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het, wie se koningsheerskappy geen einde sal hê nie; en in die Heilige Gees, die Heer en Lewendmaker, wat van die Vader en die Seun uitgaan, wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik moet word, wat gespreek het deur die heilige profete. Ons glo aan een heilige, algemene kerk, gegrond op die leer van die apostels. Ons bely een doop tot vergifnis van sondes; ons verwag die opstanding van die ontslapenes, en die lewe van die toekomstige eeu. Amen.

Epiklese

Woordverkondiging

Gebed

Offergawe

Slotlied (Ps 96:1,6,8.)

Sing vir die Heer 'n nuwe lied!
Die aard'se verste perke
moet jubel oor sy werke,
en Hom die lof en hulde bied;
moet uitroep en verwag
sy heil van dag tot dag.

Verkondig nou van mond tot mond:
oor al wat is, regeer Hy,
oor onreg triomfeer Hy-
dus is die wêreld vas gegrond.
Die volkestryd beslis
Hy wat regverdig is.

Laat aarde en hemel juig voor Hom!
Want Hy, die Wêreldregter,
die strenge Saakbeslegter,
groot in geregtigheid, Hy kom!
Hy kom, waar en getrou,
sy strafgerigte hou.



Seën

Liturg: (Numeri 6:24:26)

Die Here sal julle seën
en julle beskerm;
die Here sal tot julle redding verskyn
en julle genadig wees;
die Here sal julle gebede verhoor
en aan julle vrede gee!

Respons: Amen.

5.3.3.2 Model 2

Votum en seëngroet

Liturg: (Jes 52:7)

“Hoe wonderlik klink op die berge die voetstappe van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede aankondig, wat die goeie tyding bring, wat redding aankondig, wat vir Sion sê: “Jou God is Koning!”

Respons: Jou God is Koning! (Jes 52:7e).

Liturg: Genade vir julle van God, ons Vader,
en die Here - Jesus Christus,
deur die werking van die Heilige Gees.

Respons: Amen!

Lofsang (Ps 46:1,2,3)

God is ons toevlug en ons skut,
al gee die aarde onder mee,
al word die berge rondgeskud,
al skuim die waters van die see.
Hy help ons in ons nood;
al is dit ook hoe groot,
tog sal ons veilig wees,
tog bly ons onbevrees.
God sal ons altyd trou beskut.

Die Godstad is onwankelbaar;
daar's blydschap oor sy stil rivier.
Al dreig ook watter groot gevaar,
dis alles onder sy bestier.
God maak die nasies stom
as daar beroering kom.
Ons toevlug sal Hy wees,
ons bly dus onbevrees.
Die God van Jakob is mos daar.

Kom kyk wat bring die Heer tot stand,
die Heerser in die hemel hoog.
Die oorlogswapens word verbrand.
Hy breek die spies, die pyl en boog.
"Erken dit: Ek is God.
Ek heers met my gebod
oor alles onder My.
Erken my heerskappy."
Die Heer beskut ons met sy hand.

Teks: T.T. Cloete

Verootmoediging en skuldbelydenis

Liturg: (Maleagi 2:13-16)

Daar is nog iets wat julle doen. Julle huil en kerm en sug by die altaar van die Here omdat Hy nie meer julle offers wil aanneem nie, en julle vra: "Waarom dan nie?" Dit is omdat die Here weet wat gebeur het tussen jou en die vrou met wie jy van jou jeug af getroud is: jy was ontrou aan haar, ontrou aan jou eie vrou, die vrou aan wie jy plegtig trou belowe het. Die Here het man en

vrou een gemaak, een in liggaam en gees. En waarom een? Omdat Hy wil hê dat daar 'n nageslag moet wees, wat Hom eer. Beheers julle, moenie ontrou wees aan die vrou met wie jy van jou jeug af getroud is nie. Die Here die God van Israel sê Hy haat egskeiding. Egskeiding is niks anders as geweld nie, sê die Here die Almagtige. Beheers julle, moenie ontrou wees nie.

Respons: Sing Ps 130:1

Uit dieptes, gans verlore,
van redding ver vandaan,
waar hoop se laaste spore
in wanhoop my vergaan;
uit diep van donker nagte
roep ek, o Here, hoor,
en laat my jammerklagte
tog opklim in u oor!

Genadeverkondiging en retensie

Liturg: (Spreuke 15:26-27)

Die Here het 'n afsku van bose planne; aangename woorde is vir Hom aanneemlik. Wie hom verryk ten koste van 'n ander, maak dat sy gesin verstoot word; wie omkoopgeskenke weier, sal lewe.

Respons: Sing Ps 130:2

As U, o Heer, die sonde
na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde
voor U, o Heer, bestaan?

Maar nee, daar is vergewing
altyd by U gewees;
daarom word U met bewing
reg kinderlik gevrees.

Liturg: (Spreuke 15:8-10)

Die Here het 'n afsku van die offers van goddeloses, maar Hy aanvaar die
gebede van opregtes. Die Here het 'n afsku van die lewenswyse van
goddeloses; maar Hy het dié lief wat volgens sy wil lewe. Wie die regte pad
verlaat, sal swaar gestraf word; wie teregwysing haat, sal sterf.

Respons: Amen

Geloofsbelydenis (Eietyds)

Ons glo

ons God is Koning
wat alles geskep het en oor alles regeer,
wat ons verlos het deur Jesus Christus, ons Here,
wat in ons woon en oor ons heers deur die Heilige Gees.

Ons verbind ons

om daaglik onder God se heerskappy te leef
om sy wil en eer in alles te soek,
om vir die hele wêreld getuies te wees van
sy koningskap en genade,
sy liefde en vergifnis,
sy vrede en reg,
sy sorg en voorsiening;
om in eenheid met alle gelowiges te leef,

om vir mekaar onder sy regering om te gee,
om mekaar lief te hê, te dien en te versorg,
om met hoop te werk en te wag
vir die koms van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde
waar God se wil sal heers.

Aan God ons Koning behoort al die mag
en die heerlikheid, nou en tot in ewigheid!

Amen.

(Vos en Pieterse 1997:263).

Epiklese

Woordverkondiging

Gebed

Offergawe

Liturg: (Miga 6:6-8)

Wat sal ek saamvat as ek na die Here toe gaan, as ek voor die hoë God gaan kniel? Moet ek met offers na Hom toe gaan, met jaaroud kalwers? Sal die Here duisende ramme aanvaar saam tien duisende offers van olie? Moet ek my eersgeborene offer vir my sonde, hom wat uit my liggaam kom vir my oortreding? Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God.

Slotlied (Ps 42)

Smagtend soos in dorre streke
hoor my na U, Here, roep.
Gee my van u helder water
en 'n skadu teen die gloed.
O, ek skroei, Heer, van die pyn
oor die skare se venyn:
God wat heers in alle tye,
laat my sing, bring hul tot swye.

Ek onthou die blye dae
sonder spotklank in my oor,
voorstes van die feesgenote
wat U lof sing in 'n koor.
En ek laat my lied weer klink,
as ek aan U goedheid dink:
U is nog my helper, Vader,
En ek weet U trek my nader.

In die vreemde wil ek, Here,
om u eer gewillig ly.
As hul sê: "Jou God bestaan nie"
sny dit soos 'n mes deur my.
O, dat U my nooit vergeet,
ek weer van my kindskap weet.
U, my Rots, laat staan my vaster,
ver en vry van dié wat laster.



Hoë berge, donker strome,
rotse waarteen ek vergaan,
moet dan al u golwe, Here
een vir een oor my kom slaan?
Ek roep U van Kleinberg aan
uit die land van die Jordaan.
Is U dan 'n God van swye?
in die mens se swaarste tye?

Maar die dag kom uit die donker
en die nag het ook sy lig
in my twyfel hou ek, Here,
steeds die oog op U gerig.
En ek laat my lied weer klink,
as ek aan u goedheid dink:
U is nog my helper, Vader,
En ek weet U trek my nader.

Teks: Lina Spies

Seën

Liturg: Die genade van die Here Jesus Christus
en die liefde van God
en die gemeenskap van die Heilige Gees
bly met julle almal.

Respons: Amen.

■ **Kommentaar op praktykmodelle 5.3.3.1 en 5.3.3.2**

In die strategiese teorie was dit reeds uitgewys dat die *voorveronderstelling* van die erediensgangers self die samekoms as 'n *Christelike byeenkoms* konstitueer. Dit is nie nodig om vir die geloofsgemeenskap eers die Christologiese voorwaardes van die samekoms te verduidelik alvorens dit 'n Christelike erediens word nie. Vanuit albei praktykmodelle vir die liturgie was dit duidelik dat die Ou-Testamentiese teks met groot vrug in die erediens aangewend kan word sonder Christologiese dwang daarop.

Die funksie van rituele en simbole in die erediens is tans besig om die aandag van homilete aan te gryp. Die funksie daarvan verduidelik Vos (1999:99) só: "Liturgy is a moment of ritual and symbol; liturgy is a moment of recollection; liturgy is a time of meeting; liturgy is a time for language; liturgy is a time for narratives; liturgy is a meal time; and liturgy is a moment to be creative."

Dit was egter nie die ondersoek se doelstelling om die liturgiese praktyk te ondersoek nie, maar wou slegs by wyse van hipoteses daarop aanspraak maak dat die liturgiese praktyk met groot vrug vanuit die Ou Testament op 'n teosentriese basis gevoed kan word.

5.3.4 'n Praktykmodel vir homiletiek

5.3.4.1 2 Sam 6:11-20

Skriflesing 2 Sam 6:11-20 / Gen 12:1-3

Tema 'n Ete met 'n verantwoordelikheid

In die voorafgaande hoofstuk lees ons van Dawid wat in Hebron tot koning van Israel gesalf is. Nou is die beloofde land amptelik onder sy beheer; hy verower Jerusalem van die Jebusiete; daar word 'n paleis vir hom gebou en hy maak sy vroue en byvroue nog meer. Boonop verslaan Dawid nog die aartsvyande van die Israeliete, die Filistyne.

Jerusalem word nou koning Dawid se amptelike hoofsetel - al twaalf die stamme erken sy gesag. Koning Dawid slaag daarin om die volk Israel polities, militêr en ekonomies te verenig - 'n realiteit waarna die volk met lang verwagting uitgesien het. Hulle drome het waar geword - hulle het ook nou 'n koning soos die omringende volke - Dankie Jahwe!

Maar koning Dawid redeneer anders: Moenie in my 'n toekoms sien nie, wil hy byna vir die volk sê. Ons kort nog iets in Jerusalem - God kort hier! Waar is die simbole van Jahwe se heilsame, reddende en seënende teenwoordigheid? Die verbondsark beteken "God is teenwoordig" - voorsiening en versoening straal uit dié simboliek. Die versoendeksel met die gerubs daarop sê Jahwe woon onder sy volk. Die staf van Aäron en die kruik met die manna daarin wil herinner dat God nog altyd voorsien het. Die gesprenkelde bloed op die versoendeksel herinner dat God uit genade sonder enige verdienste sy toorn nie sal voltrek nie. Die twee kliptafels met die tien gebooe daarop geskrywe herinner die volk voortdurend daaraan om 'n dankbare lewe te lei - dít wil vir die volk sê: Onthou die verbond het verantwoordelikhede. Uiteindelik verskuif koning Dawid die verbondsark Jerusalem toe - met hierdie teenwoordigheid

sal ons voorspoedig wees in Jerusalem! Wat doen koning Dawid toe die ark in Jerusalem aankom en op sy bestemde plek geplaas word?

Roep hy die volk bymekaar en sê vir hulle: Kyk! Kyk mooi hoe lyk God se teenwoordigheid - só lyk voorsiening (en wys vir hulle die staf en die kruik), en só lyk versoening (en wys vir hulle die bloeddruppels) en stuur hulle huistoe?

Nee, koning Dawid maak die teenwoordigheid van God vir die volk ervaarbaar waar en naby - hy maak vir hulle God se voorsiening en versoening konkreet. Hy laat hulle deel in die brandoffers en maaltydoffers - hulle kan dit sien, ruik en proe! Hy deel mildelik brood, dadels en rosyntjies aan die “gemeente” uit. Dit is ‘n fees waar versoening en voorsiening geruik, geproe en geëet word.

Dawid het vir die volk gesê: Hierin lê julle toekoms in hierdie mooi land - nie in my nie. Dawid wys weg van homself af. Hierin lê ook ‘n groot les vir die gemeente: U as gemeente het ook vanoggend verwagtinge. U het lank gebid en gedroom oor ‘n nuwe leraar. Baie van u verwag ‘n nuwe fase in die gemeentelewe - u verwag voorspoed en eenheid en nou sien u dalk in die nuwe leraar dié drome waar word. Ek wil ook vanoggend u oë wegdraai vanaf die aardse, vanaf die tydelike na die teenwoordigheid van God.

Indien u as gemeente wil herleef en eenheid onder die gelowiges ervaar, kom deel dan vanoggend in God se voorsiening en in God se versoening. Vanoggend is u geleentheid om God weer teenwoordig te maak in u lewe - Hom opnuut toe te eien, of dalk vir die eerste maal. Hierdie gemeente sal nie herleef omdat hulle ‘n nuwe leraar gekry het nie, maar slegs as God weer teenwoordig is in hulle lewens - en dit gebeur net deur te deel in die voorsiening en versoening van “brood en wyn.” Maar hierdie “ete” plaas ook ons verbondsverantwoordelikheid vierkant op ons skouers. Ons lees in vers 19 dat die volk hierna tevrede weg is huistoe.

Lees ons Genesis 12:1-3 dan hoor ons dat God bepaalde beloftes aan Abraham toesê: “Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys. Ek sal jou ‘n groot nasie maak, Ek sal jou seën en jou ‘n man van groot betekenis maak, en jy moet tot ‘n seën wees. Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal al die volke van die aarde geseën wees.”

Die belofte van God aan Abraham het twee kante: Kant een - ‘n land en nageslag, kant twee - wees tot ‘n seën vir die nasies. Israel het ‘n duur les geleer. Hulle het net kant een toegeeën - daarvan getuig die verhaal in 1 Samuel 6:11-20. Kant twee is nooit uitgevoer nie - daarvan getuig 70 jaar se ballingskap teen hulle. Die les van Jesaja 52:13-53:12 het nog vir hulle voorgelê. Die gevaar bestaan dat ons ook nie oorgaan tot kant twee van die beloftes wat die brood en wyn aan ons toesê nie. Ons gaan net God se teenwoordigheid, sy voorsiening en versoening vier en vergeet watter opdrag dit aan ons gee. Ons moet elkeen hierdie seën gaan uitdra in ‘n honger en stukkende wêreld. Ons is maar net bedelaars voor God - maar bedelaars met ‘n verskil - bedelaars wat vir ander bedelaars moet gaan vertel waar om ‘n stukkie brood te kry.

Amen.

(Thirion1997c).

Die *nagmaalsformulier* skeep die Christologiese *konteks* en *taal* waarmee aan die tafel van die Here aangesit word. ‘n Nuwe moontlikheid om ook die gelowiges in die kommunikatiewe handeling van die formulier te laat deel, kan só daar uitsien:

- Liturg:** Die nagmaal is 'n gedagtenismaaltyd.
- Respons:** (Die gemeente verkeer in stille nadenke).
- Liturg:** Die nagmaal is 'n waarborg van ons verlossing.
- Respons:** U bloed, Here Jesus, reining ons van al ons sondes.
- Liturg:** Die nagmaal is die gemeenskap met die lewende Here en met mekaar.
- Respons:** (Die gemeente deel twee-twee met mekaar die betekenis van die nagmaal).
- Liturg:** Die nagmaal verkondig ons toekomsverwagting.
- Respons:** Maranata! Kom, Here Jesus, kom!
- Liturg:** Die nagmaal is 'n vreugdefees.
- Respons:** Ek wil die Here loof, met alles wat in my is wil ek sy heilige Naam loof. Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie.
- Liturg:** Die nagmaal is die fees van ons dankbaarheid.
- Respons:** Sing 'n nuwe lied tot eer van die Here, sing tot eer van die Here, almal op aarde! Sing tot eer van die Here, prys sy Naam, verkondig elke dag sy reddingsdade!

(Thirion 1997c).

Hier volg 'n voorbeeld van 'n formulier vir ouers en kinders saam aan die nagmaaltafel:

Liewe broers, susters, jongmense en kinders

Ons is lidmate van die Nederduitse Gereformeerde gemeente

Toe ons klein was, het ons deur ons doop lidmate van die gemeente van die Here geword. By ons doop het die Here vir ons gesê: “Ek is jou God. Ek belowe om altyd by jou te wees en jou te help.” Hy het toe sy Naam oor ons uitgeroep: “Julle is gedoop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.” Hiermee het die Here aan ons gevra om Hom te vertrou en om Hom te volg. Ons doop vra ook van ons om Naamdraers van die Here te wees. Almal moet kan sien dat ons aan die Here behoort en dat ons sy Naam groot maak. Omdat die Here Hom aan ons verbind het, maak Hy dit vir ons moontlik om in Hom te glo en om Hom lief te hê.

Die Here het vir sy kinders die nagmaal gegee. Hier op die tafel sien ons die brood en die wyn. Die brood en die wyn wys soos vingers na die liefde van die Here. Brood en wyn is die bewyse van die Here se liefde. Die brood sê dat Jesus sy liggaam vir ons sondes laat breek het. En die wyn sê dat Jesus sy bloed vir ons sondes laat vloei het. As ons die brood eet en die wyn drink, sê ons dat ons dit glo. Ons sien met ons eie oë wat Jesus vir ons gedoen het. En ons proe hoe lief die Here ons het.

As ons die brood eet en die wyn drink, loop ons harte oor van blydskap. Want Jesus het ons só lief en ons het Hom net só lief. En ons het mekaar ook lief.

Wanneer ons die brood eet en die wyn drink, maak dit ons geloof in die Here sterk. Dit maak ons sterk om te stry teen alles wat die Here se naam deur die modder sleep en ons naaste in 'n swak lig stel. Die nagmaal gee ons krag om met mekaar en ander mense oor God te praat, na mekaar en ander te luister en die Here te dien en te volg. Ons kry ook krag om na ons naaste se belange te soek en hom/haar met ons liefde en diens te [sic] by te staan. As

iemand honger het, moet ons aan hom/haar brood gee; as iemand dors is, moet ons aan hom/haar water gee en as iemand val moet ons hom/haar optel. Ons moet mense wat moed verloor het, help om weer moed te skep. En ons moet mense wat hartseer is, troos.

Wanneer ons die brood eet en die wyn drink, word daar 'n verlange by ons wakker dat die Here Jesus sal terugkom. Ons sien met verlange daarna uit om saam met God op die nuwe hemel en die nuwe aarde te bly. Die Heilige Gees hou hierdie verlange by ons lewend.

(Vos 1999b:45-46).

■ **Kommentaar op praktykmodel 5.3.4.1**

Hierdie preekskets slaag wat die ondersoek se oordeel betref, goed daarin om 'n Ou-Testamentiese teks vir 'n spesifieke Nuwe-Testamentiese konteks soos die nagmaal aan te wend sonder enige Christologiese dwang daarop. Die teologie van *gawe en opgawe* word duidelik in hierdie geval deur 'n teosentriese benadering op die teks van die Ou Testament gekommunikeer.

Die ondersoek het spesifiek 'n Ou-Testamentiese teks vir die nagmaalvieringe gekies omrede dit die "homiletiese geleentheid" is waar die gebruik van twee-preke-in-een-preek sy kop uitsteek. Hiermee demonstreer die ondersoek dat dit nie nodig is om 'n Ou Testament-preek te ver-Christelik deur 'n "addendum-prekie" ter verryking van die eerste preek by te voeg nie.

5.3.5 Samevatting

Die ondersoek kan weer eens die aanname maak dat 'n teosentriese benadering as hermeneuties-teologiese model wel daartoe in staat was om die prakties-teologiese ekklesiologie met die teks van die Ou Testament te bedien en tegelykertyd die hipoteses van die ondersoek ondersteun.

5.4 TEOSENTRIESE PRAKTYKMODELLE VIR PRAKTIES-TEOLOGIESE DIAKONOLOGIE

“Waar christendom en sameleving elkaar ontmoeten binnen het publieke domein kunnen we een drietal vakgebieden situeren: evangelistiek, diakoniek en tenslotte de laïcale vakke” (Heitink 1993:287). Die ondersoek volstaan met Heitink se teorievorming met betrekking tot die vakgebiede vir die handelingsveld, *godsdienst en sameleving*.

Die taak van die prakties-teologiese diakonologie is die “teenwoordig wees” van die Christelike geloof in die sameleving en die gepaardgaande invloed daarop. Die praktykmodelle wat die ondersoek vir die prakties-teologiese diakonologie gaan aanbied, sal ook daarop gerig wees om te bepaal in hoeverre ‘n teosentriese benadering as hermeneuties-teologiese basisteorie daartoe in staat is om die vakgebiede van die diakonologie te bedien met die teks van die Ou Testament en terselfdertyd die hipoteses van die ondersoek te ondervang.

Die vraagstelling van die prakties-teologiese diakonologie sal baie groter hermeneutiese vereistes aan ‘n teosentriese benadering op die verhouding Ou Testament/Nuwe Testament stel aangesien die Christelike geloof nou in die sameleving gekommunikeer moet word. Sal ‘n teosentriese boodskap uit die Ou Testament eers ver-Christelik moet word alvorens dit bruikbaar is vir die prakties-teologiese diakonologie in die sameleving?

5.4.1 'n Praktykmodel vir evangelisasie

5.4.1.1 Jona 4

Perspektief en konteks van die verhaal

'n Onbekende verteller maak van 'n kort-kortverhaal waarin 'n Jonafiguur op menslike vlak die hoofrol speel, gebruik. Maar die eintlike profeet is die verteller wat deur die Jona-verhaal die leser wil oorreed om God op sy woord te neem. Die Jona-verhaal kom uit die tyd ná die ballingskap. Die nuwe tyd het vir 'n nadenke oor die droewe tyd van die ballingskap gevra. Die nasionalistiese Jode in ballingskap het nie die Deutero-Jesaanse tradisie gedeel waarin lyding en verdrukking 'n genesende funksie gekry het nie. In nasionalistiese geleedere was die katastrofe en ontgogeling van die ballingskap toegeskryf aan versuim om die wet te gehoorsaam. Daarom is daar in die tyd na die ballingskap beweer dat God se stem eintlik in die wet gehoor kon word. Die tempelkultus was die plek waar die wet bewaar en onderrig is. Dit is teen dié agtergrond dat die Jona-verhaal vertel word.

Preekteks uit Jona 4

Preektema Die deernis van God

As ons negatiewe ervarings van mense in 'n krisis gehad het, verwag ons van die mense in die toekoms net die slegte. Maar as ervarings van ander positief was, verwag ons net die beste. Dit is die normale. Maar by Jona werk dit nie so nie. By hom gebeur juis die teendeel.

Sy ervaringe met God in die verlede is so gunstig. In plaas daarvan dat die ervaringe hom bly maak, maak dit hom bang. Jona gebruik 'n bekende oerformule om sy ontnugtering met God uit te druk. Hy het die formule in die Israelse erediens leer ken (vgl Ps 86:15). Dis 'n gebed wat elke Israeliet by die groot versoeningsdag bely het. In hulle slaap kon hulle die belydenis opsê, soos die "onse Vader."

Jona het God geken; van kindsbeen af. Wat is dan sy probleem? Dat God dit durf waag om buite Israel dieselfde te wees as binne Israel. Dit was vir Jona te swaar om te sluk. Hy kon God nie vergewe vir sy grenslose genade nie. Jona het God nie vir sy berou vergewe nie. Al doen God ook wat daarna.

Jona se verzet teen God se genade kom veral in die episode met die wonderboompie aan die lig. Watter goddelike humor! God het klaar vir Jona gesê: Ek gaan Nineve nie verwoes nie. En tog hoop Jona dat dit nie gaan gebeur nie! Daarom gaan sit hy op die heuwel en duim vashou. Miskien ...! Wie weet! Dalk draai God om. Miskien verander Hy van besluit. Wat doen God? Hy laat Jona verder afdaal (vgl die afdaalmotief). Hy tree die weerbarstige vent tegemoet en gee aan hom 'n lekker skaduwee terwyl Jona dan nou tog moet sit en wag. God laat 'n wurm aan die boompie vreet sodat dit verdroog. Op dié wyse wil Hy Jona in sy mensliewendheid laat deel.

Hoe sou ons optree? Sê nou ons is soos Jona! Ons is! Ons het ook ons Nineve wat ons graag verwoes sou wou sien. Dalk is dit sekere politieke vestings. Ons praat maklik Jona-taal en bid Jona-gebede. Ons wil ook ons godsdienste tot ons voordeel en selfbehoud aanwend. Soos Jona wil ons nie ons selfbehoud op die spel plaas nie. Nie ons selfbehoud nie. As God Nineve spaar, ons vyande, is ons toekoms in gevaar. Soos Jona sien ons die ellende en armoede net onder ons mense raak. Ons is soms so blind vir die nood van ander.

As God se genade net tot Israel beperk was, was ons verlore. Maar dat sy ontferming tot by Nineve strek, is ons behoud. God sien af van oordeel wat ons toekom. Hy het sy Seun gestuur: vir sondaars soos ons. God se oordeel het op Hom neergeskroei. Hy het nie 'n boompie gehad nie. Vir Hom was daar net 'n kruishout. Daar het Hy sy lewe verloor sodat ons die ewige lewe kan vind. Daar bewys God sy genade, barmhartigheid, lankmoedigheid en liefde aan ons.

Jona se slot is oop. Ons kan wonder daaroor, maar ons hoor nie Jona se antwoord nie. Ons mag ons antwoord egter nie verswyg nie. Die vraag waarop ons 'n antwoord moet gee, is: Wat gaan ons met God se genade, barmhartigheid, lankmoedigheid en liefde maak? Die verhaal wil die skille van ons oë laat afval sodat ons met God se oë na ander kyk. Die Jona-verhaal wil dat ons met God se deernis na ander uitreik.

Amen.

(Vos 1994:164-177).

■ **Kommentaar op praktykmodel 5.4.1.1**

Die rede vir die oornam van dié preekskets by Vos (1994) is reeds in *Kommentaar op praktykmodel 5.3.2.1* verduidelik. Vos slaag op 'n verantwoordelike wyse daarin om die verantwoordelikheid wat daar op elke gelowige se skouers rus, naamlik om God se genade, barmhartigheid, lankmoedigheid en liefde na andere wat nie van 'ons' is nie uit te dra, teosentries te begrond vanuit die teks van Jona 4.

Met betrekking tot die vakgebied evangelisasie is dit waarskynlik geregverdig om die kruisdood van Jesus Christus by hierdie boodskap te betrek soos wat Vos wel gedoen het, maar dan nie omdat Jesus af te lei is uit die teks of konteks van Jona 4 nie. Die teologie van dié gedeelte van die Jona-verhaal kan egter steeds sonder Christologiese begronding met betrekking tot die verantwoordelikheid tot evangelisasie aangebied word. Bloot deur identifisering met Jona se gesindheid kan die gewenste uitwerking verkry word sonder enige Christologie.

Die prakties-teologiese diakonologie het te make met die “teenwoordig wees” van die Christelike geloof in die moderne samelewing en die verhaal van Jona spreek hierdie verantwoordelikheid op 'n besondere wyse aan. In 'n land soos Suid-Afrika moet daar waarskynlik nog meer klem gelê word op die teosentriese boodskap van Jona 4. De Klerk (1999:24) vra tereg of daar nie dalk vandag 'n gebrek aan skuldbesef voor God is nie. Hy noem een van die moontlike oorsake die weglaat of formalisering van die kommunikatiewe handeling van verootmoediging en versoening in die liturgie.

De Klerk (1999:25) maak die volgende opmerking: “Hoe kan die handeling (verootmoediging en versoening, my verduideliking - WGT) liturgies in die samekoms, maar ook liturgies in die huisgesin en samelewing kommunikatief voltrek word? Watter dimensie open opregte verootmoediging en versoening vir die raaksien van God in die gemeente se samekoms en in die lewe van

elke dag?” Hy wys voorts daarop dat versoening spesifiek in die Ou Testament regstreeks in verband staan met God se genade (Ps 78:38), sy verlossende handeling (Deut 21:8) en sy vergewingsgesindheid (Jes 27:9). Versoening en skuldbelydenis is grondbegrippe van die Ou-Testamentiese openbaring.

De Klerk (1999:29) wys daarop dat die Christene in Suid-Afrika pertinent moet oorgaan tot versoening tussen die volkere van die land: Dit beteken die beëindiging van vyandskap en die bereidheid om in mekaar se skoene te staan en mekaar se skuld af te skryf - omdat God ons skuld afgeskryf het. Groot weerstand teen versoening met andere in die land word ondervind omdat versoening restitusie, herstel en regstellende aksie verg en hiertoe is baie Christene, net soos met Jona die geval, nie altyd bereid nie.

Vos (1994) het die volgende in sy preekskets genoem: “Jona het God geken; van kindsbeen af. Wat is dan sy probleem? Dat God dit durf waag om buite Israel dieselfde te wees as binne Israel. Dit was vir Jona te swaar om te sluk. Hy kon God nie vergewe vir sy grenslose genade nie. Jona het God nie vir sy berou vergewe nie. Al doen God ook wat daarna.” Vanuit ‘n teosentriese interpretasie op die teks van Jona 4 kan geen Nuwe-Testamentiese teks die gesindheid van baie blanke Christene in die land so raak beskrywe nie.

Sonder enige twyfel is dit duidelik dat ‘n teosentriese benadering op die teks van die Ou Testament daartoe in staat is om die prakties-teologiese diakonologie te bedien sonder om eers die boodskap te ver-Christelik. Hierdie tendens sal gevolglik kousaal wees ten opsigte van die res van die diakonologiese vakgebiede.

5.4.2 'n Praktykmodel vir diakonaat

5.4.2.1 Rut se verhaal

Teks Rut 1-4

Al drie die prakties-teologiese diakonologiese vakgebiede kan gebruik maak van dié verhaal se teologies-etiese waardes, maar die ondersoek bied dit aan as praktykmodel vir die prakties-teologiese diakonaat. Die verhaal van Rut moet verkieslik as 'n geheel aangebied word en nie in kleiner eenhede opgebreek word nie (Prinsloo 1982:108). Die kernmomente in elke afsonderlike hoofstuk van die verhaal van Rut word uitgewys alvorens 'n samevattende teologies-etiese diskoers vir die diakonaat aangebied word.

Hoofstuk 1

Naomi verkeer in 'n krisissituasie - sy verkwalik die Here vir wat met haar gebeur het: Droogte, 'n vreemde land en die dood van haar man en twee seuns (1:11, 21). Naomi se skoondogter Rut is bereid om haar volk en haar gode op te offer en te identifiseer met die noodsituasie van Naomi (1:17). Die lojaliteit van Rut lê daarin dat sy haar identifiseer met Naomi se volk en godsdiens: "waar u sterf, sal ek sterf" (1:17). Daar kan dus gekonkludeer word dat Rut se identifisering met Naomi se krisis oor alle lewensterreine strek.

Dit is belangrik om daarop te let dat, wanneer Naomi na haar eie omstandighede verwys, sy dit in die eerste persoon doen, maar wanneer sy na die Here verwys as die oorsaak vir haar bitterheid, sy dit in die derde persoon doen - daarin kan iets van die vyandigheid van Naomi teenoor die Here gelees word. Daar bestaan 'n antipatie teenoor die Here vanaf Naomi se kant. Hier is 'n treffende eerste episode om vanuit 'n teosentriese benadering op die teks van Rut 'n verskeidenheid lewenssituasie aan te spreek - veral die kwessie rondom die krisissituasie waarvoor God meermale

in die lewe die skuld moet dra en terselfdertyd myself bejammer vir wat my oorgekom het. Die identifisering met nood kan kwalik teosentries beter voorgestel word.

Hoofstuk 2

Ontferming is die sleutelaktiwiteit in hierdie tweede episode - Rut gaan are optel en só 'n bydrae lewer tot die versorging van Naomi. Selfs die landswette maak voorsiening vir ontferming (Lev 19:9-10; Deut 24:19). Die "geluk" kom Rut oor (2:3): Sy kom sonder die wil of toedoen van enige mens juis by die landerye van Boas uit - en Boas dra juis die sleutel tot die oplossing.

Die "geluk" waarvan so maklik in die lewe gepraat word, is die indirekte hand van die Here in die lewe van Naomi. Die "geluk" tref Rut verder: Boas ontferm hom oor haar (2:9, 14-16) in so 'n mate dat haar probleme soos mis voor die son verdwyn. Wanneer Rut by die huis kom en vir Naomi van al hierdie "geluk" vertel, interpreteer Naomi die weldade van Boas as 'n indirekte daad van die Here (2:19-20a) - haar bitterheid (1:13, 20,21) maak dadelik plek vir dankbare erkentlikheid teenoor die Here wat sorg (2:19-20a).

Hoofstuk 3

In hierdie episode speel verantwoordelikheid wat deur verwantskap aan familie in nood meegebring word, 'n sleutelrol. "Losser" is 'n tegniese begrip uit die familiereg en so 'n persoon kan 'n familielid in nood uit verskillende situasies "loskoop". Ook in hierdie episode word die hand van die Here nie op direkte wyse beskrywe nie, maar afgelei uit die inisiatief wat Boas neem en sy bereidheid om sy verantwoordelikheid na te kom.

Hoofstuk 4

Hier tref ons die ontknoping van die probleemsituasie aan - die geboorte van 'n seun ontlai die hele spanning van die eerste episode. Boas voldoen aan die verwagtinge wat in episode twee en drie geskep is. In vers 13 is daar die

opstapeling van die feite van die ontknoping: 'n Huwelik, gemeenskap - en dan: "Die Here het haar laat swanger word." Dit is een van die belangrikste stelling in die verhaal van Naomi en Rut.

Op die mees strategiese plek in die verhaal, daar waar die eintlike krisisoplossing plaasvind, daar kom die Here as Subjek na vore. Menslike inisiatief het sekerlik sy plek in enige oplossing van krisissituasies, maar dit het egter perke: Die Here moet nogtans dit wat die mens bydra, seën. Die Here is dus die eintlike "Losser" in die krisis van die lewe (nie Christologies nie).

Vers 14 en 15 van die vierde episode skep 'n pragtige beeld van die eintlike ervaring van die kontraste waarmee die lewe die mens konfronteer. Aan die begin van die verhaal word Naomi se haglike toestand beskrywe, hier aan die einde - 'n toestand van vrede. Aan die begin was Naomi "leeg" en nou is sy "vol"; aan die begin was sy verbitter, nou is sy dankbaar; aan die begin het Naomi die Here verwyte vir haar krisis, nou lofprys sy Hom.

Vers 15 en 16 verskuif die fokus vanaf die noodsituasie na 'n hoopvolle toekoms vir Naomi - daar is weer 'n nageslag! Die boodskap van die verhaal van Rut kan samevattend só as 'n praktykmodel vir die diakonaat aangebied word:

Die verhaal stel nie 'n lewenstyl voor waarin besorgdheid- en verantwoordelikhedsin van mense teenoor mekaar 'n uitgemaakte saak is nie. Die verwesenliking daarvan word voorgestel as bereikbaar, maar dit is ook ontwykend. Twee verskillende rollespel dui die realiteit hiervan aan: Die wyse waarop Orpa optree - sy gee aanvanklik vir Naomi om, maar toe dit 'n prys van haar begin vra, toe eindig haar ontferming ook nét daar; Die lossers wil sy verantwoordelikhedsin nakom - hy wil dit egter net gedeeltelik doen (tot sy eie voordeel). Hy wil die grond los, maar sien nie kans vir die verantwoordelikhedsin om Rut saam te neem nie. Albei hierdie partye het hulle besorgdheid-

en verantwoordelikehidsin teenoor Naomi bewys, maar nie genoeg gedoen om die werklike behoeftes van Naomi die hoof te bied nie.

Na die nag op die dorsvloer en die gesprek aldaar tussen Rut en Boas was dit duidelik dat die uitslag en oplossing van die krisissituasie nie voorspelbaar was nie - wie van die twee lossers gaan hulle verantwoordelikheid nakom? Wat sou gebeur het indien Boas daardie nag met Rut gemeenskap gehad het en dit het bekend geword. Hulle twee besluit egter om die eerbare weg, alhoewel meer spanningsvol, te volg.

Om 'n lewe van geregtigheid en verantwoordelikheid uit te leef, is 'n saak van besluitneming en vasberadenheid om so te doen. Die outeur van die verhaal preek nie vir mense om só te leef nie, maar stel mense wat só lewe, voor. Hier is gevolglik geen leerstelling wat "beloning vir goeie dade" ondersteun nie. Nee, "goeie dade" is 'n aanbeveling vir iemand wat God ken en Hom uit dankbaarheid wil dien. Samevattend kan die teosentriese boodskap van dié verhaal só opgesom word (Prinsloo 1982:107-110; Tribble 1992:846):

- God is teenwoordig en betrokke by mense in nood: God is nie 'n ingryper nie, maar beheer sake deur voorsiening op die regte tyd. God is meermale teenwoordig as wat die persoon in nood wil erken of raaksien. God is daar waar die mens "eers wil wag om te kyk", of daar waar dit maar so "toevallig" gebeur. Die gelowige moet bereid wees om die subjek van God se aktiwiteite te word: Wees sy vleuels, vul die leë, gee die rusplek en koue water en bewys die guns.
- Menslike verantwoordelikheid teenoor hulle in nood en krisis: Menslike verantwoordelikheid word nie nagekom om guns by God te bewerk nie, maar dit leef God se guns uit teenoor die behoefte. Menslike inisiatief maak nie aanspraak op God se seën nie, maar vertrou daarop. Om verantwoordelikheid in die ware sin van die woord/Woord na te kom, vra 'n tweede tree saam met die behoefte in nood.

• Die universaliteit van God se guns: Die verhaal van 'n plaaslike familie word uiteindelik 'n universele aangeleentheid - die Moabiete en die toevoeging van 'n geslagsregister wat weer in Matteus 1 heropgeneem word. Die nood van een familie word deur God omskep in seën vir die hele volk: Die dodelys word 'n geslagsregister; die doodloopstraat van Naomi en Betlehem word die hoofweg na die Lewe - die doodloopstraat eindig eintlik in die stal waar die nuwe pad begin. Wees verseker: God is teenwoordig in 'n gemeenskap waar besorgdheid- en verantwoordelikeidsin teenoor mekaar uitgeleef word.

Amen.

(Thirion 1997d).

■ **Kommentaar op praktykmodel 5.4.2.1**

Die Boek Rut is 'n voorbeeld van Bybelse verhale wat op die basis van 'n teosentriese interpretasie aangewend kan word ten einde iemand te begelei om sy eie verhaal te ontdek. Selfs die gebrek aan 'n "transendente bewussyn" by Naomi word deur God se wyse van betrokkenheid by hierdie familie in nood aangespreek. Indien die Christene "teenwoordig wees" in die samelewing verstaan as "diakonoï", illustreer die gedrag van Rut teenoor Naomi in nood dit op 'n voorbeeldige wyse. Weer eens kan die ondersoek daarop aanspraak maak dat 'n teosentriese benadering op die teks van Rut nie enige Christologie as voorvereiste stel vir die toepassing van die boodskap nie.

Die ondersoek wil die bewering maak dat dit juis die Christen se bewustheid van sy/haar identiteit is (ten regte) wat as apriori so oorheersend en gevolglik beperkend inwerk op die interpretasie van die teks van die Ou Testament. Die Christen sal beslis, al klink dit na verloëning, meer krities met hierdie apriori wat genoem kan word - 'bewustheid van identiteit' - móét omgaan in sy/haar hantering van die teks van die Ou Testament en sodoende ontkom aan die versoeking om van die "verbode vrug te eet."

5.4.3 'n Praktykmodel vir die amp van gelowige

5.4.3.1 Jesaja 5:1-7

Konteks 'n *Homilie* met betrekking tot die amp van gelowige

Teks Jesaja 5:1-7

Ek wil sing oor Hom wat ek liefhet,
ek wil my liefdeslied sing oor sy wingerd:
Hy wat ek liefhet, besit 'n wingerd
op 'n vrugbare heuwel.
Hy het die grond omgespit
en die klippe verwyder,
dit beplant met veredelde wingerdstokke.
Hy het 'n wagtoring daarin gebou
en 'n parskuip uitgekap.
Hy het verwag
dat dit goeie druiwe sou dra,
maar toe bring dit druiwe voort
wat suur bly.

En nou, inwoners van Jerusalem
en manne van Juda,
beslis tog tussen My en my wingerd.
Wat kan Ek nog vir my wingerd doen
wat Ek nie reeds gedoen het nie?
Wat is dan die rede dat dit suur druiwe
voortbring het
terwyl Ek verwag het
dat dit goeie druiwe sou dra?

Ek maak julle nou bekend
wat Ek met my wingerd gaan doen:
Ek gaan die doringheining verwyder
en verbrand,
sy muur afbreek, sodat die wingerd
vertrap kan word.
Ek gaan hom tot niet maak.
Hy sal nie meer gesnoei
of geskoffel word nie,
maar ingeneem word deur doringbosse
en onkruid.

Ek sal die wolke verbied
om daarop te reën.

Die wingerd van die Here
die Almagtige,
die wingerd wat Hy geplant het
en waarin Hy Hom wou verlustig,
is die Israeliëte, die volk van Juda.
Die Here het verwag
dat daar reg sou wees,
maar daar was net onreg,
dat daar geregtigheid sou wees,
maar daar was net die hulpgeroep
van verontregtes.

Tema Suur duiwe laat God frons

Die digter kondig op 'n heel onskuldige wyse aan dat hy 'n lied wil sing. Nadat die digter deur die inleiding aangekondig het dat sy beminde 'n wingerd besit, word daar onmiddellik op die wingerd en sy omstandighede, die betrokkenheid van die eenaar en sy verwagtinge en die opbrengs van die wingerd gefokus.

Die baie gunstige omstandighede van die wingerd word voorop gestel. Teen of bo-op 'n helling is altyd 'n gunstige plek vir die aanlê van 'n nuwe wingerd, aangesien dit maklik dreineer, beskerming kan geniet en verseker kan wees van die maksimum sonskyn. Die digter wil vir ons sê dat die eenaar letterlik nie 'n steen onaangeroer gelaat het in die voorbereiding van die grond wat so gunstig geleë is nie. Die digter gaan verder en beklemtoon die voorbereidings wat getref word vir die verwagte duiweoes - die eenaar het 'n wagtoring daarin gebou om die oes op die bes moontlike manier teen gevare te beskerm.

'n Goeie oes sal egter niks beteken as daar nie voorsiening gemaak word vir die insameling daarvan nie - daarom nog 'n parskuip ook. Hierdie optrede van die eenaar is voor-die-hand-liggend van 'n goeie landbouer wat optimisties groot verwagtinge koester van die wingerd. Die digter fokus op die parskuip, want die parskuip is die vergestaltung van 'n landbouer se verwagtinge. Op grond van sy moeilike arbeid het die eenaar geldige verwagtinge gekoester en het hy geduldig op die wingerd gewag - gewag om goeie duiwe te oes.

Dan tref ons die eerste "vals noot" in die lied aan: Die wingerd het produseer, maar suur duiwe - 'n skokkende teleurstelling vir 'n eenaar vol verwagtinge, die oes is niks werd nie. Hierdie teleurgestelde verwagtinge, sowel as die feit dat die wingerd nie aan sy doel beantwoord het nie, word in die kalklig gestel. Die spanning is aan die oplaai: Wat gaan die eenaar doen? Wie is die wingerd?

Die spanning is ook besig om hoër op te bou deur die gehoor van naderby te identifiseer as, “inwoners van Jerusalem en manne van Juda” - hulle word betrek as regters in die saak. Die onskuldige lied het nou in ‘n hofgeding ontaard en dit alles omdat die wingerd nie aan sy doel beantwoord het nie. Die wingerd aan wie soveel aandag en voorbereiding en geduld spandeer is, het nou in die beskuldigdebank beland en die gehoor in die regbank.

Om die onskuld van die eienaar in die saak as ‘n voldonge feit te konstateer word twee retoriese vrae kort opmekaar aan die gehoor wat as regter moet optree, gevra. Dit word op so ‘n wyse gestel dat beide negatiewe antwoorde sal bewerkstellig. Die skuldigbevinding van die wingerd word hiermee as ‘n voldonge feit bewys. Hierdie hofgeding word afgesluit met die skuldigbevinding van die wingerd as teenparty in die geding.

Let daarop dat die digter die uitspraak/vonnis nie laat fel deur die “aangestelde regters” nie, maar die eienaar as “klaer” in die saak neem die rol van regter oor. Weens sy totale en onbetwisbare onskuld in die saak, is die eienaar in staat om ‘n vonnis oor die teenparty te fel - ‘n baie effektiewe demonstrering van die onskuld van die eienaar. Die vonnis word gefel deur die aktiewe betrokkenheid van die eienaar in die voltrekking van die oordeel en die wingerd as die passiewe voorwerp van oordeel.

Die gevolge van die strafgerigte optrede teen die wingerd word beskrywe as, die wingerd is nou vry om geplunder te word, amper asof enige een dit vir vuurmaakhout kan gebruik. Die wingerd behoort nie meer aan iemand nie en dit kan nou groei soos dit wil sonder dat iemand weer rekenskap daarvan sal eis.

Die spanning wat opgebou het rondom die onbekendheid van die eienaar word hier deur die digter op ‘n besondere wyse onthul - Hy kan die wolke beveel - voorwaar dit is net God wat só kan ingryp. Stap vir stap lei die digter sy gehoor om te begryp wat die betekenis van sy profetiese woorde is.

Al wat nou die spanning verder dra, is die “onbekendheid” van die wingerd. Die saak is eintlik hier afgehandel; nog net die onthulling wat wag en dit word op ‘n besondere poëtiese wyse deur die digter hanteer. Skielik staan die “huis van Israel en die manne van Juda” in die beskuldigdebank - daar waar die wingerd hom bevind het toe hulle die regters in die saak was. Die volk van Jahwe, wat aan die begin van die lied die toeskouers was, later in die regbank beland het, bevind hulleself nou in die beskuldigdebank - reeds veroordeel.

In vers 1 was die *wingerd* die voorwerp van ‘n blymoedige liefdeslied, maar in vers 7 is die *wingerd* die reeds veroordeelde volk van God. Dit word as refrein herhaal dat Jahwe gewag het op goeie vrugte - Hy was lankmoedig en geduldig, maar die tyd het uitgeloop vir die volk van God. Die implikasies van hierdie “profetiese woord” aan die volk van God is duidelik: Sy volk het nie daarin geslaag om aan sy verwagtinge te voldoen nie en staan dus totale uitwissing in die gesig - ‘n voldonge feit.

In hierdie perikoop het die profeet baie duidelik die intieme verhouding tussen God en sy volk uitgespel. Die volk van God het egter die verhouding wat daar tussen hulle en God bestaan, verbreek. Ten spyte van die feit dat God hulle deur al die jare gedra en versorg het en geduldig gewag het op ‘n dankbaarheidslewe, het hulle te voorskyn gekom met bloedvergieting en ongeregtigheid. Die verskil tussen goeie druiwe en suur druiwe word baie duidelik in die laaste reël uitgespel: Dit is die verskil tussen regspraak en bloedvergieting; tussen geregtigheid en ongeregtigheid.

Die uitverkore volk van God wat soveel belofte ingehou het, het ontrou geword; hulle vrugte was ‘n bittere teleurstelling en dit het God genoodsaak om in te gryp. Nêrens is daar sprake van berou aan die kant van die volk nie en hulle staan algehele ondergang in die gesig. God gaan sy beskerming en bewaring oor hulle opskort. Die groot planne wat God vir hierdie volk in die vooruitsig gestel het, het nie gerealiseer nie en daarom gaan Hy hulle oorgee aan verwaarlosing.

God verkies nie mense uit en laat hulle aan hulle eie lot oor nie. Nee, Hy versorg en beskerm hulle sodat hulle vrug kan dra. Daarom, as God na sy volk toe draai, soek Hy reg en geregtigheid as vrug van 'n dankbaarheidslewe. Kry Hy geen vrug nie, gee Hy die wingerd aan homself oor. Ander Ou-Testamentiese teksgedeeltes wat hierdie teologiese onderbou ondersteun is: Hosea 6:6: "Ek verwag liefde eerder as offers." Miga 6:8: " Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God." Amos 5:6: "Vra na die wil van die Here, dan sal julle lewe." Ook Sagaria 7:9 en 8:16-17 lê die klem op 'n lewe van liefde, reg en geregtigheid.

Selfs in die Nuwe Testament geld hierdie beginsel van vrugdra onvoorwaardelik. God soek vrugte tussen sy kinders en daarom ook die gepaste gelykenis in Johannes 15 van die wingerdstok. God versorg geen wingerd wat nie vrug oplewer nie.

Amen.

(Thirion 1997e).

■ Kommentaar op praktykmodel 5.4.3.1

Die amp van gelowige kan sonder Christologiese dwang op die teks deur hierdie profetiese liriek op 'n teosentriese basis aangespreek word. Daar is geen rede om enige Christologie ter sprake te bring wanneer hierdie teks homileties aan die bod kom nie. 'n Christologiese fundering van die amp van gelowige kan vanuit 'n geskikte Nuwe-Testamentiese teks ter sprake gebring word (1 Pet 2:5, 9). Dit is baie insiggewend om daarop te let dat die *Christologie* van “die amp van gelowige” selfs in 1 Petrus 2:5 en 9 in Ou-Testamentiese kategorieë uitgedruk word. 'n Preek uit die Ou Testament is nie net *Christelik* op voorwaarde dat dit in die Nuwe Testament moet land soos 'n wafferse duiker wat van 'n duikplank (Ou Testament) af in die diepkant (Nuwe Testament) moet induik nie.

Die vermelding deur die ondersoek dat die tema van *vrugdra* met die gelykenis van die wingerdstok in Johannes 15 tot in die Nuwe Testament gekontinueer is, plaas geen hermeneutiese verantwoordelikheid op die homileet om die teks van Jesaja 5:1-7 Christologies te interpreteer nie.

5.4.4 Samevatting

Die prakties-teologiese diakonologie se hoofsaak, naamlik om as “diakonoï” in die samelewing “teenwoordig te wees” het, van die drie prakties-teologiese handelingsvelde, die grootste hermeneutiese uitdaging aan 'n teosentriese benadering op die teks van die Ou Testament gestel. Die versoeking om in die teks van Jona 4 'n Christologiese kategorie in te bou sal altyd onderliggend aan die *evangelisasiesituasie* wees - so ook met die *diakonaat* en *die amp van gelowige*.

Die ondersoek wil aan die einde van die teosentriese verstellde praktykmodelle vir prakties-teologiese diakonologie dit duidelik stel dat 'n teosentriese



benadering tot die verhouding Ou Testament/Nuwe Testament nie daarop ingestel is om die Bybel *Christologies*-loos te lees nie, maar dat dit vra dat die Christen baie meer bewus gemaak moet word van sy “identiteit” in Christus as ‘n apriori en die rol daarvan in die verstaan van die teks van die Ou Testament. Soos vantevore gesê, dit wil voorkom asof Christene hulself van verloëning verdink as hulle hierdie besondere apriori van hulle krities en met agterdog bejeën. Hermeneuties-teologies gesproke is daar geen ander weg tot die herstel van die Ou Testament op gelyke vlak met die Nuwe Testament as die gesaghebbende Woord van God nie.

5.5 SAMEVATTING, AFDELING C: EMPIRIES

Die teosentries *verstelde praktykteorie* vir die onderskeie prakties-teologiese handeling was beleidmatig, planmatig en metodies van aard. Vanuit die beginsel van wederkerige wisselwerking tussen die hermeneutiese (*begryp*) en die strategiese perspektief (*verander*) op die kommunikatiewe handeling, is daar voortgegaan tot die empiriese toetsing (*verklaar*) van 'n teosentriese benadering tot die verhouding Ou Testament/Nuwe Testament as 'n prakties-teologiese model vir die kommunikasie van die boodskap van die Ou Testament in die praxis van die geloofsgemeenskap en moderne samelewing sonder om Christus op 'n gedwonge wyse in die Ou Testament *in te lees*.

'n Teosentriese model is 'n empiries-georiënteerde prakties-teologiese model vir die kommunikasie van die boodskap van die Ou Testament en kies die ervaringswêreld van die mens en die situasie van die kerk en samelewing as uitgangspunt vir die empiriese toetsing. Die doel van die empiriese praktykmodelle was daarop gerig om aanspraak te maak op die verbetering van die kommunikatiewe inhoud vanuit die Ou Testament as teks op die basis van 'n teosentriese benadering tot die verhouding Ou Testament/Nuwe Testament.

Die empiriese ontwikkeling van die ondersoek was "exploratief" van aard. In aansluiting by Heitink was dit gerig op die uitwerking van die basisteorie deur middel van die strategiese teorie op die toetsing van die hipoteses van die ondersoek. Die keuse daarvoor was geleë in, soos Heitink dit stel: "Exploratief ondersoek is vooral nodig wanneer een bepaald verskynsel nog weinig bekend is en er in ieder geval nog geen teorie ontwikkel is, waardoor dit verskynsel verklaard kan word. Het resultaat reikt dan ook niet verder dan voorlopige uitspraken, modellen of zoekplaatjies, die echter goed beargumenteerd kunnen worden" (Heitink 1993:221).